U.V.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0246973
111008900901220000019

ENKELE TEORETIESE ASPEKTE EN BEPLANNINGSRIGLYNE INSAKE ONTSPANNING IN DIE NATUUR MET DIE ORANJE-VRYSTAAT AS STUDIE-GEBIED.


Johannes Wilhelmus van Vuuren, B.Sc., B.Ing., H.C.

EN

Samuel Johannes van der Walt, Hons.-B. Ing.


Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad, Magister in Stads- en Streeksbeplanning, in die Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

BLOEMFONTEIN NOVEMBER 1979

AFSLUITINGSPROJEK - AFB 705.

PROMOTOR: PROF. F.D.W. VAN ZYL

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

16-01-1980

KL T711.55809683 Vuu

No. 246973

BIBLIOTEEK

# DANKBETUIGING

DIE SKRYWERS Sê DANKIE AAN ALLE PERSONE WAT MEEGEHELP HET OM HIERDIE STUDIE MOONTLIK TE MAAK, MAAR VERAL AAN PROF. F.D.W. VAN ZYL EN MNR. W. BOTHA VIR HUL TOEGEWYDE AANDAG EN BEKWAME LEIDING. DIT WAS 'n WERKLIKE VOORREG.

DANKIE OOK AAN MARIETTE , DIE GEDULDIGE TIKSTER.

## INHOUDSOPGAWE


BLADSY

VOORWOORD. ------------------------------ 1

HOOFSTUK I : DIE PROBLEEMSTELLING MET BE= TREKKING TOT ONTSPANNING.

INLEIDING. ------------------------------- 3

1.1 MOTIVERING VAN DIE STUDIE. ----------- 4

1.2 BESKRYWING VAN DIE PROVINSIALE ONTSPAN= NINGSHULPBRONNE ONDER BESPREKING. ---- 5

1.3 OOGMERKE VAN DIE STUDIE. ------------ 6

1.4 TERMINOLOGIE. ----------------------- 7

1.4.a PARKE EN OORDE. --------------- 8

1.4.b RESERVAAT. -------------------- 9

1.4.c OWERHEDE. --------------------- 11

1.4.d TOERISME. --------------------- 12

1.4.e VRYE TYD EN VRYETYDSBESTEDING -- 18

1.4.f DIE MERKWAARDIGHEID VAN VRYE TYD EN VRYETYDSBESTEDING. --------- 21

1.4.g DIE HOEVEELHEID VRYE TYD. ----- 22

BLADSY

1.4.i ONTSPANNING. ----------------- 25

1.4.j ONTSPANNINGS-KATEGORIEë. ----- 27

HOOFSTUK II : "ONTSPANNING" EN FAKTORE WAT DIE AANVRAAG DAARNA BEINVLOED.

2.1 INLEIDING. -------------------------- 30

2.2 DIE GROEI VAN DIE BEHOEFTE AAN ONT=SPANNING. --------------------------- 34

2.3 FAKTORE EN PATRONE TEN OPSIGTE VAN BEPLANNING. ------------------------- 35

2.4 DIE AANVRAAG NA ONTSPANNING. -------- 37

2.5 DIE ONTSPANNINGSVOORSIENING (AANBOD) -- 40

2.6 VRYETYDSBEGROTING. ------------------- 41

2.7 FAKTORE WAT DIE VRAAG NA ONTSPANNING BEINVLOED. --------------------------- 43

2.7.a FISIESE EN TEGNOLOGIESE KRAGTE.--- 43

2.7.b INSTITUSIONELE KRAGTE. --------- 44

2.7.c VERVOER EN REISAFSTAND. -------- 47

Bladsy (iv)/....

BLADSY

HOOFSTUK III : PROVINSIALE ONTSPANNINGSOORDE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

3.1 INLEIDING. -------------------------- 51

3.2 DIE WILLEM PRETORIUS WILDTUIN/OORD. --- 51

3.2.1 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID. ----- 52

3.2.2 FASILITEITE. ------------------ 52

3.2.3 ONTSPANNINGSGERIEWE BY DIE OORD - 55

3.2.4 BESOEKERSTALLE AAN DIE OORD. --- 56

3.2.5 ALGEMEEN. -------------------- 59

3.3 DIE HENDRIK VERWOERDDAM - OORD. ------- 59

3.3.1 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID. ----- 60

3.3.2 FASILITEITE. ------------------ 60

3.3.3 GESKIEDKUNDIGE AANTREKLIKHEID. -- 62

3.3.4 ALGEMEEN. -------------------- 64

3.4 DIE JIM FOUCHé - OORD. --------------- 64

3.4.1 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID. ----- 64

3.4.2 FASILITEITE. ------------------ 64

Bladsy (v)/....

BLADSY

3.4.3 ONTSPANNINGSGERIEWE BY DIE OORD 65

3.4.4 BESOEKERSTALLE AAN DIE OORD. --- 66

3.4.5 ALGEMEEN. ---------------------- 67

HOOFSTUK IV : DIE NATUURRESERVATE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

4.1 INLEIDING. ---------------------------- 69

4.2 DIE AFDELING NATUURBEWARING. ---------- 69

4.3 HIëRARGIE VAN DIE AFDELING NATUURBE=
WARING. ------------------------------ 70

4.4 FUNKSIES VAN DIE AFDELING NATUURBEWARING 70

4.5 DIE NATUURRESERVATE. ------------------ 72

4.5.1 GEMEENSKAPLIKE INLIGTING. ------ 72

4.5.2 DIE NATUURRESERVATE AFSONDERLIK 76

4.5.2.a DIE ERFENISDAM-NATUURRESERVAAT 76

4.5.2.b DIE HENDRIK VERWOERDDAM-
NATUURRESERVAAT. -------- 76

4.5.2.c DIE KALKFONTEINDAM. ------- 77

4.5.2.d KOPPIESDAM. -------------- 77

BLADSY

4.5.2.e DIE NATUURRESERVAAT BY DIE KRUGERSDRIFTDAM, OOK BEKEND AS SOETDORING. ----------- 78

4.5.2.f DIE MEMELVLEIE OF DIE SEE=KOEIVLEI-NATUURRESERVAAT. -- 78

4.5.2.g DIE RUSTFONTEINDAM. ------- 78

4.5.2.h DIE SANDVELD-NATUURRESERVAAT 79

4.5.2.i DIE STERKFONTEINDAM. ------ 79

4.5.2.j DIE WILDPLAAS "TUSSEN-DIE-RIVIERE" ---------------- 80

4.5.2.k DIE WELBEDACHTDAM. -------- 80

4.5.2.l DIE WILLEM PRETORIUS WILD=TUIN. -------------------- 80

4.5.2.m WURASDAM. ----------------- 80

HOOFSTUK V : FAKTORE EN RIGLYNE VAN BELANG BY OORDBEPLANNING.

5.1 INLEIDING. ----------------------------- 82

5.2 BENADERING. ---------------------------- 83

5.2.1 VIR WIE? ------------------------ 85

5.2.2 WAT? --------------------------- 88

BLADSY

5.2.3 HOE? ---------------------------- 90

5.3a DIE INTERAKSIE TUSSEN ONTSPANNINGS-OORDGEBRUIKERS EN DIE ONTSPANNINGS-BRON. -------------------------------- 90

5.3.b DIE INTEGRASIE TUSSEN DIE AANVRAAG EN DIE ONTSPANNINGSBRON. -------------- 97

5.4 DIE GRAVITASIE-MODEL MET BETREKKING TOT DIE VORM EN AARD VAN DIE ONTSPANNINGSRIT 100

5.5 GEOGRAFIESE- EN EKOLOGIESE FAKTORE VAN BELANG BY DIE VESTIGING VAN OORDE. ---- 104

5.5.1 INLEIDING. -------------------- 104

5.5.2 NATUURLIKE BRONNE EN KLIMAAT. --- 104

5.5.3 TOPOGRAFIE EN GEOGRAFIESE LIGGING 105

5.6 FAKTORE WAT DIE BESOEKERSTALLE AAN OORDE BEÏNVLOED. ---------------------------- 106

5.6.1 TYD VAN DIE JAAR. ------------- 106

5.6.2 HEERSENDE WEERSOMSTANDIGHEDE. --- 106

5.6.3 LEWENSTANDAARD VAN DIE POTENSIëLE GEBRUIKERS. ------------------- 106

5.6.4 DIE AANTREKKINGSKRAG VAN DIE OORD 107

BLADSY

5.7 SLOTSOM. ---------------------------------- 107

HOOFSTUK VI : GEVALLESTUDIE: RIGLYNE TOT DIE BEPLANNING VAN DIE OORD "SOETDORING".

6.1 INLEIDING. ------------------------------ 109

6.2 KLASSIFIKASIE VAN OORDE. --------------- 110

6.3 DIE VRAELYS EN REKENAARPROGRAM. -------- 112

6.4 BESPREKING VAN DIE VERWERKTE RESULTATE 117

6.5 RIGLYNE TOT DIE BEPLANNING VAN DIE OORD SOETDORING. --------------------------- 119

6.5.1 BESOEKERSTALLE. ---------------- 119

6.5.2 AKKOMMODASIE. ------------------ 121

6.5.3 HANDELSFASILITEITE. ------------ 125

6.5.4 ONTSPANNINGSFASILITEITE. ------- 126

6.5.5 ALGEMEEN. ---------------------- 129

HOOFSTUK VII : BEHOEFTEBEPALING ONDER SWART- EN KLEURLING-INWONERS VAN DIE BLOEMFONTEINOM=GEWING.

7.1 INLEIDING. ---------------------------- 130

BLADSY

7.2 RESULTATE VERKRY UIT DIE BEHOEFTEBEPALING ONDER SWARTES. ------------------------ 130

7.3 BESPREKING VAN RESULTATE SOOS VERKRY UIT 49 VRAELYSTE, VERSPREI ONDER KLEURLINGE IN DIE BLOEMFONTEINGEBIED. ------------- 133

7.3.1 RESULTATE VAN VRAELYSTE ONDER KLEURLINGE. ------------------- 133

7.4 SLOTSOM. ------------------------------ 137

HOOFSTUK VIII : ONTWIKKELINGSVOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN ONTSPANNING IN DIE ALGEMEEN IN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

8.1 INLEIDING. --------------------------- 139

8.2 DIE HUIDIGE HIëRARGIE VAN OORDBESTUUR IN DIE ORANJE-VRYSTAAT. -------------- 139

8.3 ONTWIKKELINGSVOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN OORDBESTUUR. --------------------- 140

8.4 ALGEMENE VOORSTELLE. ------------------- 142

## VOORWOORD

As gevolg van die behoefte aan ontspanning wat, vir hierdie studie, 'n veronderstelde wesentlike kenmerk van die menslike wese is, word dit as noodsaaklik beskou dat studies van hierdie aard meer en meer onderneem behoort te word - te meer nog in 'n jong, nog-kleurvolle, snelontwikkelende land soos Suid-Afrika.

Vanweë die immer-toenemende bevolkingsgetalle, die voortgesette verstedeliking, die stygende lewensstandaard veral van die swart komponent van die bevolking, die neiging tot korter werksure en die gepaardgaande toename in die volume beskikbare vrye tyd, is dit noodsaaklik om ingedagte te hou dat daar 'n snel-toenemende behoefte aan ontspanning is. Aan die ander kant plaas stedelike kruip, nywerheidsontwikkeling en die landbou ook 'n snel-toenemende premie op die oorgeblewe natuurlike hulpbronne soos grond, natuurskoon ens. Met die oog op die toekoms is dit derhalwe uiters noodsaaklik dat geskikte, ruimtelik-goedverspreide ontspanningsoorde op genoegsame wyse gereserveer word.

Teen die agtergrond van die stygende vervoerkoste en die uitgestrektheid van die land, bly dit die dure plig van die owerheidsektor om veral vir die binnelander nabygeleë ontspanningsoorde te voorsien. Die mense naby die kus het die voordeel van die see as weergalose, natuurlike ontspanningshulpbron.

Daar moet ingedagte gehou word dat die anderskleurige deel van die Suid-Afrikaanse bevolking tot op hede nog nie aktiewe ontspanningsoord-besoekers is nie. Die rede hiervoor kan tweeërlei wees:-

a) Daar is 'n gebrek aan ontspanningsoorde vir

2/........

hierdie deel van die bevolking.

b) Daar kan miskien ook, as gevolg van kultuur, 'n gebrek aan behoefte na oordontspanning by hierdie mense wees.

Albei hierdie faktore is egter nie stagnant nie en in die toekoms kan daar 'n groot aanvraag na oordontspanning vanuit hierdie rigting kom. Is daar genoeg ontspanningsoorde om ook hierin te voorsien?

Ontspanning in die natuur is 'n noodsaaklike deel van die hedendaagse samelewing en hierdie belangrike aspek van ontwikkeling kan tot 'n groot mate nog bewerkstellig word. Geskikte terreine met pragtige natuurskoon is nog geredelik beskikbaar. Al wat derhalwe nodig is, is rasionele beplanning en die regte aanwending van ons hulpbronne, deur mense met 'n oop gemoed.

## HOOFSTUK I : DIE PROBLEEMSTELLING m.b.t. ONTSPANNING

### INLEIDING

In die grondwet van elke demokratiese land is die onderliggende oogmerk die bevordering van die algemene welsyn van die mense. Ontspanning in die natuur is 'n wonderlike en 'n onontbeerlike instrument om algemene welsyn, geluk en tevredenheid onder mense te bevorder. Daarom is dit die owerheid se taak om regstreeks of onregstreeks te voorsien in hierdie behoefte van die bevolking.

Die situasie waarin die buitelugontspanningsbedryf in die O.V.S. hom op hierdie stadium bevind, is moelik. Aan die eenkant is daar 'n yl bevolkingsverspreiding in die provinsie wat die lonendheid van 'n ontspanningsoord bemoeilik.
Aan die anderkant word daar, as gevolg van toenemende verstedeliking en die samedromming van mense, steeds hoër eise aan die skepping van voldoende en geskikte vakansie- en ontspanningsfasiliteite gestel.

Hoë eise word aan die mens van vandag gestel. Sy arbeidsvermoë word ten volle geëksploiteer. Daar is 'n eentonigheid in sy daaglikse bestaan. Daar is besoedeling van sy omgewing en hy lewe in 'n eentonige omgewing van beton, teer, glas en staal. Die Lastynse woorde

*"mens sana in corpore sano"*

is nie net van toepassing op fisiese deelname aan sport en ontspanning nie, maar die mens kan en moet ook verfris en hernuwe word deur ontspanning in die natuur.

## 1.1. MOTIVERING VAN DIE STUDIE

Ten aansien van die groeiende behoefte aan massa ontspanning in die natuur en die gepaardgaande negatiewe invloed wat die bevrediging daarvan op die natuurskoon van die provinsie kan hê, word 'n studie van hierdie aard as geregverdig beskou. Uiteraard, vanweë die omvang daarvan, word hierdie studie tot provinsiale ontspanningsbronne in die Oranje-Vrystaat beperk. Hierdie beperking bring heelwat probleme, want 'n mens sou graag 'n geheelbeeld van alle ontspanningsaktiwiteite in die natuur en die bewegingspatrone van besoekers van 'n afgesonderde eenheid wou kry. Hierdie geheelbeeld sou makliker bekombaar gewees het as die ondersoekgebied 'n eiland was. Dan kon die beweging van die inwoners en die toeloop van buitelanders makliker in bewegingspatrone of in modelle, soos die gravitasie model, opgestel word. Daar kan egter nou geredeneer word dat die Vrystaat wél as 'n eiland beskou kan word en dat die toeloop van Transvalers na, byvoorbeeld die Jim Fouchè-vakansie oord, as eksterne besoekers gesien kan word. Hierdie is 'n studie wat inderwaarheid noodsaaklik is. Hierdeur kan die wisselwerking tussen 'n ontspanningshulpbron en 'n bevolkingskonsentrasiepunt en verskillende ontspanningsbronne en bevolkingskonsentrasiepunte in 'n model of modelle opgestel word en 'n sisteembenadering kan sodoende gevolg word.

Die omvang van so 'n studie is egter enorm en dit word in die midde van die owerheidsinstansies gelaat.

'n Verdere probleem wat die beperking van die studie tot provinsiale ontspanningsoorde ten gevolg het, is dat daar ook ander tipes ontspanningsoorde bestaan. Dink hier byvoorbeeld aan die Golden Gate Hooglandpark, wat 'n Nasionale oord is en deur die Nasionale Parkeraad beheer word, die Botaniese tuin, net noord van Bloemfontein, en Maselspoort, ook naby

5/.....

Bloemfontein, wat deur die Munisipale owerheid van Bloemfontein beheer word. Hierdie genoemde ontspanningshulpbronne lewer dieselfde tipe ontspanningsgeleenthede as die provinsiale ontspanningshulpbronne en by die omvattende sisteembenadering, waarvan daar hierbo sprake was, behoort hierdie hulpbronne ook inrekening gebring te word.

Alhoewel hierdie studie ter vervulling van akademiese vereistes voorgelê word, word daar ook gepoog om nuttige gedagtes in die midde van owerheidsweë te lê.

## 1.2 BESKRYWING VAN DIE PROVINSIALE ONTSPANNINGSHULPBRONNE ONDER BESPREKING

Daar is tans drie openbare ontspanningsoorde en 13 Natuurreservate onder die beheer van die Provinsiale Administrasie. Benewens die drie ontspanningsoorde nl. die Hendrik Verwoerddam-ontspanningsoord, die Jim Fouché ontspanningsoord en die oord by die Allemanskraaldam, word 'n verdere oord by die Krugersdriftdam ook in die vooruitsig gestel. Hierdie oord word net langs die natuurreservaat langs die Modderrivier tussen Maselspoort en die Krugersdriftdam beoog. Onderhandelinge is tans aan die gang vir die ontwikkeling van 'n oord vir Kleurlinge en alhoewel die Erfenisdam en die natuurreservaat daarvan as geskikte ontspanningsaanloklikhede vir so 'n oord genoem word, bestaan daar nog baie twyfel oor waar so 'n oord ontwikkel moet word en of daar wêl 'n oord van hierdie aard ontwikkel moet word.

Die 13 natuurreservate waarvan die oorgrote meerderheid toeganklik vir die publiek is of sal wees, is 'n baie goeie hulpmiddel en toevoeging tot die ontspanningsoorde.

6/........

## 1.3 OOGMERKE VAN DIE STUDIE

Ontspanning in die natuur sal kortliks bespreek word na aanleiding van die behoefte daarvan by die mens, die noodsaaklikheid daarvan en die sosiologiese voordele daaraan verbonde. Verder sal faktore wat die aanvraag na ontspanning beinvloed, nagevors word.

Vervolgens sal die verskillende aspekte van oordbeplanning, doeltreffende oordbestuur en 'n klassifikasiestelsel van oorde ondersoek word. 'n Feitlike bespreking van die provinsiale ontspannings bronne word kortliks gevoer. Inligting en tendense word verkry uit beperkte onderhoude wat met senior amptenare van betrokke instansies gevoer is.

Tenslotte word aanbevelings gedoen ten opsigte van oorde in die algemeen, maar veral ten opsigte van die ontwikkeling van die voorgestelde oord, Soetdoring, naby die Krugersdriftdam. As hulpmiddel hier word gebruik gemaak van inligting uit vraelyste.

By die aanvang van die studie was daar verskeie vrae wat by die skrywers ontstaan het:-

- Wat gaan die invloed van die jongste brandstofprysstyging wees op die Provinsiale oorde?
- Gaan die besoekerspatroon oorslaan vanaf 'n naweekbesoek na 'n vakansiebesoek en is daar genoeg oorde om tot 'n mate in die aanvraag oor vakansieseisoene te voorsien?
- Wat staan die oordbestuur te doen gedurende die stiltye?
- Kan die "stilte" nie oorbrug word deur die instelling van 'n openbare vervoerdiens of deur 'n gereëlde toeriste vervoerdiens nie?
- Is reklame van enige nut?

- Is die ruimtelike verspreiding van die oorde reg veral tenopsigte van die oord Soetdoring wat nog ontwikkel moet word?
- Kan vakansieplase nie 'n belangrike rol speel in die ontspanningsbehoeftes van die gemeenskap nie?
- Regverdig die grootte en die yl-verspreidheid van die Kleurlinggemeenskap van die Oranje-Vrystaat 'n openbare oord as sulks en waar sou die geskikste ligging vir so 'n oord wees?
- Het die Swart Gemeenskap van die Oranje-Vrystaat 'n behoefte aan ontspanning in die natuur of is hulle kulturele agtergrond sodanig dat hulle 'n groter behoefte aan fisieke ontspanning, soos bv. sokker, het?

Of daar op al hierdie vrae antwoorde te vinde is, sal met verloop van die studie duidelik word. Uiteraard regverdig elk van bogenoemde vrae 'n studie opsigself. Die skrywers sal egter poog om rasionele gevolgtrekkings, gebaseer op 'n beperkte studie, te maak.

## 1.4 TERMINOLOGIE

Dit is 'n feit dat daar verskillende opvattings bestaan ten opsigte van 'n term:

> *"Especially in the social science, we must watch our for the 'tyranny of words' "* 1)

Die wêreld is ingewikkeld genoeg sonder om nog verdere verwarring en dubbelsinnigheid te saaï. Soms word verskillende

-----------------------------------

1) Sameulson, P.A., Economics, p. 10.

name onwetend vir dieselfde idee gebruik of anders word verskillende betekenisse aan dieselfde woord gekoppel.

> *"Thus a man who approves of a government program to speed growth will call it a program of 'sensible planning' while an unsympathetic opponent will describe the same activity as 'totalitarian bureaucratic regimentation.' Who can object to the former and who could condone the latter?"* 2)

'n Verdere rede waarom uitdrukkings wat gebesig word, toegelig moet word is omdat uitdrukkings in hierdie werkstuk nie altyd gebruik word met dieselfde betekenis as die alledaagse gebruik nie.

1.4.a. PARKE EN OORDE

Die gebruik van hierdie twee terme skep soms verwarring. Daar word in die gewone omgangstaal gepraat van die Nasionale Parkeraad, die Golden Gate-hoogland Nasionale Park, die Bergkwagga Nasionale Park ens. 'n Park word egter beskou as 'n klein stukkie grond in of naby stedelike gebied wat met bome en struike beplant is met die doel om die stedelike omgewing te verfraai. Hierdie parke dien as wonderlike ontspanningsmiddel vir stedelinge gedurende die kort periodes van vryetyd. Munisipale owerhede is dus hoofsaaklik verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van parke.

Oorde, aan die ander kant, is terreine wat as groot ontspanningshulpbronne ontwikkel is en waar mense langer

---

2) Ibid., p. 10.

aaneenlopende periodes van hul vryetyd kan deurbring. 3) Die kapitale uitleg verbonde aan die ontwikkeling van ontspanningsoorde kan geweldig hoog wees en daarom is dit die taak van die openbare sektor, op aldrie vlakke, om in hierdie behoeftes van die gemeenskap te voorsien.

1.4.b. RESERVAAT

'n Reservaat is 'n streek of gebied wat vir spesiale doeleindes opsy geplaas word. Die hoofdoel is om iets vir iemand te bewaar of te behou of the herstel. Die doel van 'n natuurreservaat is dus om die plante- en dierelewe van die gebied vir die huidige- en nageslag te bewaar. 4)

Ingevolge die verklaarde beleid van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasie, word natuurreservate daargestel om geskikte gebiede te voorsien waarin kenmerkende voorbeelde van die natuurlike omgewing met sy landskap, inheemse plante en diere vir alle tye bewaar kan word, en ook om gebiede af te sonder waarin daar voorsien kan word in die behoeftes van die bevolking ten opsigte van gesonde ontspanning in, en belewenis van, die natuur.

Aangesien daar waarskynlik nooit voldoende fondse gevind sal kan word om in hierdie twee breë doelstellings op aparte terreine te voorsien nie, is dit gebiedend noodsaaklik dat elke natuurreservaat van die Administrasie so beplan moet word dat in al die genoemde behoeftes voorsien kan word. Vir hierdie doel is dit noodsaaklik dat die grondgebruik op 'n vroeë stadium reeds volgens 'n bepaalde sisteem geïdenti-

---

3) Onderhoud gevoer met Mnr. R. Lamont-Smith, Assistent Hoofbeplanner, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, April 1979.

4) Onderhoud gevoer met Mnr. P. Le Roux, Direkteur Natuurbewaring, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Julie 1979.

fiseer word. Die volgende onderverdelingsgebiede kan in 'n reservaat onderskei word:-

A. Bewaringsgebied - Hier word die natuuromgewing sover moontlik ongeskonde gehou.

i) Spesiale omgewing - Dit is die gebiede waarin dele voorkom wat spesiale beskerming verg.

ii) Natuurlike omgewing - Die algemene natuuromgewing word hier bewaar.

B. Ontwikkelingsgebied - Dit is gebiede waar die intensiteit van gebruik en die aanvraag mensgemaakte strukture noodsaak.

i) Algemene buitelugontspanningsgebied:- Gebiede waarby slegs voorsiening gemaak word vir ekstensiewe, natuurgerigte ontspanningsaktiwiteite resorteer hieronder.

ii) Intensiewe ontspanningsgebied:- Hier is ontspanningsaktiwiteite intensief en tot 'n groot mate fasiliteitsgerig.

iii) Toegangsgebied:- Hier oorheers geboue, dienste, fasiliteite en ander mensgemaakte strukture.

Alhoewel hierdie indeling van reservate onder die verskillende hoofde grotendeels subjektief is, kan 'n mate van objektiwiteit tog verkry word as die volgende riglyne gevolg word:-

a) Eerstens word 'n gebied van besondere belang, gesien uit 'n natuurkundige of historiese oogpunt afgebaken en as gebied A(i) aangewys. In hierdie gebied het alle ander belange dan sekondêre voor-

rang, selfs al beteken dit die beperking van toegang daartoe.

b) Nadat die aard en intensiteit van die ontspanningsbehoeftes van die moontlike gebruikers van die reservaat op een of ander wyse bepaal is, word 'n gebied wat die geskikste is as toegangsgebied, as tipe B(iii) afgebaken. Hierby moet nie kortsigtig opgetree word nie en voorsiening moet gemaak word vir 'n voldoende en geskikte ruimte vir uitbereiding.

c) Die toegangsgebied en die intensiewe ontspanningsgebied B(ii) is onafskeidbaar en moet dus saam oorweeg word. Geriewe vir speletjies, gholf, bootsport ens., hoort hier tuis.

d) Die res van die reservaat word dan as van die tipe A(ii), afgebaken. Dit is wenslik om hierdie gebied af te kamp, sodat diere wat gevestig is en gaan word, binne gehou kan word. Ontwikkeling in hierdie gebied is beperk slegs tot motorpaaie van gruis, wandelpaaie, uitkykpunte, inligtings- en verbodtekens en miskien 'n piekniekplekkie of twee

In die meeste dele van die land is die natuurlike plante- en dierelewe al verdring en daarom moet herstelmaatreëls en hervestigingswerk heel dikwels deur die reservaatbestuur onderneem word. Goeie toesig, beheer en voorligting word ook geverg om vertrapping en vandalisme te voorkom.

Aangesien daar geen sprake van winsmoontlikhede is nie en die bedryf van natuurreservate derhalwe 'n dienslewering is, word geen private natuurreservate aangetref nie.

1.4.c. <u>OWERHEDE</u>

Deur aldrie die vlakke van die Owerheid word ontspanningsbronne voorsien. Die Golden Gate Hoogland Nasionale Park is die enigste Nasionale bewarings- en ontspanningsgebied in en

om die Oranje-Vrystaat. As gelet word op uitermate uniekheid en natuurskoon is dit duidelik waarom hierdie Hooglandpark onder Nasionale beheer val. As verder gelet word op die doodgewoonheid van die res van die Vrystaat, is dit duidelik waarom die Hooglandpark die enigste onder Nasionale beheer is.

Die ontspanningsbronne van die Provinsiale- en Munisipale Owerhede is almal by damme en riviere geleë om sodoende die ontspanningswaarde hiervan te betrek. Munisipale owerhede is tot 'n groot mate verantwoordelik slegs vir die verskaffing van aktiewe ontspanningsgeriewe binne stedelike gebied en vir parke vir die informele ontspanning van die inwoners van die dorp of stad. Tog lewer Munisipale Owerhede ook soms 'n goeie bydra ten opsigte van die skepping van ontspanningsgeleenthede in die natuur waarvan die botaniese tuin buite Bloemfontein, en die Maselspoort vakansieoord, goeie voorbeelde is.

Samevattend kan dus gesê word dat die Nasionale Owerheid daardie oorde beheer met 'n baie groot waarde, wat enig in sy soort selfs in die wêreld is en wat selfs buitelandse toeriste aantrek. Die Provinsiale Administrasie verskaf ontspanningsgeleenthede aan sy gemeenskap op 'n streeksbasis en plek wat kenmerkend en uniek is aan die provinsie, terwyl die Munisipale Owerhede hoofsaaklik slegs na die welsyn van sy inwoners van sy gebied omsien.

1.4.d. TOERISME

Toerisme is nie heeltemal afskeidbaar van die bedryf van ontspanningshulpbronne nie.

Die volgende kan beskou word as die deurslaggewende faktore wat die toeriste-verkeer kenmerk:-

13/......

i) Die omgewing waar die persoon woon word op een of ander tyd verlaat.

ii) Hierdie plekverandering is die gevolg van drie faktore, te wete die volgende:-

a) Ontspanning

b) Vrye tydsbelange

c) Beroepsbelang

iii) Die samedromming van vreemdelinge in 'n nuwe omgewing as gevolg van bogenoemde faktore lei onvermydelik tot 'n interaksie tussen mense en ook tussen die mense en hul nuwe omgewing.

Al hierdie faktore saamgevat lei tot die volgende definisie van toerisme:-

*Toerisme is die interaksie van mense met mense en omgewings wat hul hoofverblyfplek sowel as hul hoofbron van inkomste op 'n ander plek het.* 5)

Toerisme word as 'n bedryf beskou en ook as 'n nywerheid. Dit is verkeerd om 'n toeris te beskou as slegs 'n oorsese besoeker of, gesien in die Oranje-Vrystaatse situasie, is dit verkeerd om 'n toeris te beskou as slegs afkomstig van buite die provinsie. Dit is wêl so dat die besoekers van buite 'n vername rol het om te speel veral ten opsigte van die verdiening van eksterne kapitaal. 6)

Mnr. Smith, direkteur van die Afdeling Openbare Oorde by die Provinsiale Administrasie meen dat 'n toeris iemand is wat

---

5) Bloemfontein, Isen, Verslag No. 2, p.5.

6) Onderhoud gevoer met Mnr. J. Erasmus, Streeksdirekteur van die Departement van Toerisme, Junie 1979.

op reis is deur die provinsie en dus slegs oornag geriewe by oorde verlang. Alhoewel die toeris dus hartlik welkom is by die oorde, lê die Administrasie se eerste verantwoordelikheid by die inwoners van die provinsie en die gereelde besoekers, aldus Mnr. Smith.

Mnr. Erasmus, Streeksdirekteur van die Departement van Toerisme in die Oranje-Vrystaat, definieer 'n toeris as iemand wat vir "langer as vier-en-twintig uur in jou poorte is."

Volgens die jaarverslag van die Departement van Toerisme vir die tydperk 1 Januarie 1978 tot 31 Desember 1978 is daar 'n aansienlike oplewing in die toerismebedryf in Suid-Afrika. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die toerismebedryf in Suid-Afrika, het die getal vakansiegangers (besigheidsbesoekers en studente uitgesluit) van die buiteland, wat die Republiek in 1978 besoek het, die getal Suid-Afrikaners wat met vakansie na die buiteland gegaan het, oortref. 7) Die wins was amper 13 000 toeriste.

Ook binnelandse toerisme het gedurende 1978 tekens van opbloei getoon. Dit word toegeskryf aan die mate van ekonomiese opbloei wat plaasgevind het en die verslapping van die brandstofbesparingsmaatreëls gedurende Maart 1978, wat veral positiewe invloed op naweektoerisme gehad het. Ondertussen is strenger besparingsmaatreëls weer ingestel en verslap, maar die ekonomiese oplewing duur voort. As in ag geneem word dat gedurende 1978 R680 miljoen 8) slegs deur binnelandse toeriste in Suid-Afrika bestee is, is dit duide-

---

7) Suid-Afrika (Republiek), Departement van Toerisme, <u>Jaarverslag 1978</u>, p.1.

8) <u>Ibid.</u>, p. 13.

lik dat geen steen onaangeroerd gelaat kan word nie in 'n poging deur Vrystaatse Provinsiale Administrasie om ook die Vrystaatse ontspanningshulpbronne sy regmatige deel hiervan te laat bekom.

Volgens die jaarverslag was daar by beide die Oranje-Vrystaatse-woonwaparke en vakansieoorde gedurende die somervakansie van 1978 'n styging van tot 15% in besetting getoon. 9)

Toerisme val, sedert 'n afsonderlike staatsdepartement 12 jaar gelede daarvoor gestig is, nie meer onder die Provinsiale Administrasie nie en uit persoonlike onderhoude het dit deurgeskemer dat hierdie nog steeds 'n teer puntjie is. Dit dien egter gemeld te word dat die toerismebedryf baie goed deur die huidige opset hanteer word. Reklame speel 'n vername rol. Die skrywers is beïndruk deur die goeie werk wat deur Bloemfonteinse Nasionale Toeristeburo gedoen word. Tans word 'n spesiale naweektrein wat gedurende November 1979 deur die Oos-Vrystaatse platteland gaan toer, gepropageer. Hierdie is 'n ideale geleentheid vir die Bloemfonteinse stedelinge om in die natuur te gaan ontspan. Een van die hoogtepunte is die besoek aan die Ficksburgse kersiefees.

Teneinde die aktiwiteite wat deur die Nasionale toeristeburo's gedoen word en veral dié van Bloemfontein, word Tabel I aangeheg. 10)

---

9) Ibid., p. 14.

10) Ibid., Bylaag C.

# WERKSAAMHEDE VAN DIE VERSKILLENDE NASIONALE TOERISTEBURO'S VAN DIE DEPARTEMENT

## GEDURENDE DIE TYDPERK 1 JANUARIE TOT 31 DESEMBER 1978

| | Bloemfontein | | Durban | | George | | Johannesburg | | Kaapstad | | Kimberley | | Nelspruit | | Oos-Londen | | Port Elizabeth | | Pretoria | | Jan Smuts-lughawe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 | 1977 | 1978 |
| Navrae: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Persoonlik | 4 250 | 8 954 | 6 192 | 9 543 | 4 460 | 6 439 | 8 202 | 16 557 | 4 554 | 7 237 | 3 397 | 3 650 | 2 405 | 2 649 | 1 148 | 1 072 | 3 509 | 5 394 | 11 054 | 17 559 | 45 646 | 55 457 | 94 817 | 134 511 |
| Per telefoon | 1 159 | 2 104 | 2 394 | 2 403 | 380 | 614 | 7 430 | 9 431 | 2 986 | 3 866 | 666 | 1 118 | 914 | 859 | 551 | 429 | 1 624 | 2 516 | 5 423 | 10 713 | - | - | 23 527 | 34 053 |
| Skriftelik | 326 | 529 | 485 | 852 | 374 | 453 | 769 | 1 277 | 864 | 1 243 | 132 | 231 | 142 | 168 | 92 | 106 | 324 | 593 | 884 | 796 | - | - | 4 392 | 6 248 |
| Onderhoude | 685 | 911 | 510 | 348 | 314 | 323 | 348 | 316 | 297 | 115 | 816 | 850 | 437 | 384 | 497 | 516 | 572 | 858 | 626 | 455 | - | - | 5 102 | 5 076 |
| Vergaderings bygewoon | 67 | 52 | 37 | 18 | 14 | 16 | 30 | 27 | 38 | 28 | 23 | 29 | 31 | 26 | 19 | 34 | 27 | 85 | 31 | 17 | - | - | 317 | 332 |
| Vergaderings toegespreek | 35 | 53 | 5 | 2 | 2 | 6 | 1 | 1 | 9 | 6 | 5 | 5 | 19 | 15 | 10 | 1 | 10 | 2 | 7 | 5 | - | - | 103 | 96 |
| Rolprente (a) Getal amptelike vertonings | 104 | 184 | 4 | 3 | 2 | 4 | 10 | 4 | 5 | 38 | 64 | 71 | 5 | - | - | 5 | 13 | 22 | 6 | 1 | - | - | 213 | 332 |
| Bywoningsyfer | 5 000 | 8 353 | 418 | 61 | 45 | 335 | 854 | 251 | 565 | 1 011 | 3 923 | 2 383 | 283 | - | - | - | 1 089 | 2 289 | 2 691 | 20 | - | - | 14 868 | 14 703 |
| (b) Getal rolprente uitgeleen | 27 | 25 | 49 | 42 | 26 | 12 | 48 | 102 | 101 | 77 | 32 | 42 | 174 | 114 | 22 | 35 | 28 | 18 | 83 | 55 | - | - | 590 | 522 |
| Bywoningsyfer | 3 265 | 2 533 | 3 817 | 1 922 | 539 | 238 | 4 150 | 5 040 | 5 616 | 4 123 | 2 884 | 3 611 | 3 023 | 2 382 | 1 049 | - | 1 826 | 1 469 | 6 162 | 10 033 | - | - | 32 331 | 31 351 |
| Totale van (a) en (b) | 131 | 209 | 53 | 45 | 28 | 16 | 58 | 106 | 106 | 115 | 96 | 113 | 179 | 114 | 22 | 40 | 41 | 41 | 89 | 56 | - | - | 803 | 855 |
| Totale bywoningsyfer | 8 265 | 10 886 | 4 235 | 1 983 | 584 | 573 | 5 004 | 5 291 | 6 187 | 5 134 | 6 807 | 5 994 | 3 306 | 2 382 | 1 049 | 1 683 | 2 915 | 3 758 | 8 853 | 10 053 | - | - | 47 205 | 47 737 |
| Brosjures versprei | 40 979 | 65 911 | 25 328 | 50 393 | 53 554 | 63 398 | 98 282 | 153 783 | 129 280 | 137 546 | 60 722 | 70 630 | 13 326 | 49 646 | 28 264 | 37 594 | 96 746 | 72 349 | 99 545 | 100 036 | 15 600 | 40 918 | 661 626 | 842 204 |
| Besoeke aan boord van skepe wat Suid-Afrikaanse hawens besoek | - | - | 8 | 1 | - | | - | - | 13 | 1 | - | - | - | - | - | - | 20 | - | - | - | - | | 41 | 2 |
| Aantal navrae | - | - | - | - | - | | - | - | 287 | 175 | - | - | - | - | - | - | 973 | - | - | - | - | | 1 260 | 175 |

TABEL I

## 1.4.e. VRYE TYD EN VRYETYDSBESTEDING

Dit is moeilik om in Afrikaans 'n woord met presies dieselfde betekenis as die engelse woord "leisure" te vind. In woordeboeke word ledige tyd, vrye tyd, onbesette tyd ens. as vertalings genoem, maar aangesien ledige tyd 'n effens negatiewe betekenis het, word verkies om die woorde ledige uurtjies, vryetyd of onbesette tyd te gebruik. Inderwaarheid is die probleem egter dat verskillende persone verskillende betekenisse aan die woord "leisure" heg. Daarom word 'n kort bespreking oor dié begrip gevoer.

Eerstens is dit nodig om te onderskei tussen ontspanning (recreation) met die betekenis "purposeful activity" 11) en onbesette tyd (leisure).

Onbesette tyd is in werklikheid daardie tyd tot 'n persoon se beskikking nadat al sy basiese ekonomiese, sosiale en huishoudelike pligte nagekom is. Pendeltyd, wat in die hedendaagse stad as gevolg van stedelike kruip en die benutting van openbare vervoer meer as 'n uur per dag kan beloop en die tyd wat opgeneem word deur die tuin instand te hou en deur doenself-herstelwerk, kan dus nie ingesluit word onder vrye tyd nie.

Die vraag ontstaan ook of die verskillende daaglikse aktiwiteite wat deur die afgesloofde stedeling in sy vrye tyd beoefen word, soos om nuus te luister, koerant te lees of op die televisie in te skakel, werklik met vrye tyd vereenselwig kan word.

---

11) Burton, T.L., Recreation Research and Planning, p.49.

18/.....

Jensen gee 'n duidelike beeld van onbesette tyd as hy sê:-

*"Leisure time is choosing time, free of the tensions associated with the necessities of living and available for use according to one's wishes"* 12)

Wronski beskou vrye tyd as volg:-

*"The time which an individual utilizes at his own discretion and which is needed above the time required for the basic existence and subsistence of man is called leisure .... as long it is a matter of individual choice"* 13)

Aristoteles voel dat deeglike onderskeid tussen vermaak en vryetydsbesteding gemaak moet word. Vrye tyd is volgens hom die basis van die mens se verwagtinge en ware geluk. Hy sê:-

*"And happiness is thought to depend on leisure; for we are busy that we may have leisure, and make war that we may live in peace ... Happiness, therefore, doesn't lie in amusement, it would indeed be strange if the end were amusement; and one were to take trouble and suffer hardship all one's life in order to amuse oneself .... Now to exert oneself and work for the sake of amusement seems silly and utterly childish. But to amuse oneself in order that one may exert oneself, .... seems right. For amusement is a sort of relaxation, and we need relaxation because we cannot work continuously. Relaxation, then, is*

---

12) Jensen, C.R., Outdoor Recreation in America, p.2.

13) Kanada,Universiteit van Waterloo, Wronski, W., The City as a Leisure Environment, in Recreation 69 Symposium Papers, p.28.

*not an end; for it is taken for the sake of activity"* 14)

Hieruit is dit duidelik dat die mens slegs aan vryetydsontspanning behoefte kan hê indien hy 'n werk verrig. Die spreekwoord wat sê "wie nie werk nie, kan nie eet nie" kan dus ewe goed vervang word met: "wie nie werk nie, kan nie rus nie."

Verder sê Aristoteles dat vryetydsbesteding die eerste beginsel van alle optrede is:-

> *"We should be able not only to work well but to use leisure (time) well, for, .... the first principle of all action is leisure. Both are required, but leisure is better than work and is its end."* 15)

In sommige kringe word onbesette tyd beskou as daardie tyd wat nie by die werk bestee word nie. Hierdie beskouing word deur twee tendense versterk:-

a) Die veranderinge aan die sosiale en ekonomiese strukture van die sameleweing het daartoe gelei dat daar vandag bykans nie meer sprake is van die aristokratiese "leisure class" nie.

b) Die sosiologiese strukture van die samelewing word vandag eerder op die breë bevolkingsmassa as op die elitegroepies toegespits.

---

14) Owen, J.D., The Price of Leisure, p.3.
15) Jensen, C.R., Op. Cit., p.5.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n persoon of 'n gesin se vrye tyd gedurende 'n gewone werksweek nie aaneenlopend is nie. 'n Kort tydperkie vrye tyd gedurende die loop van die week is van minder waarde as 'n aaneenlopende aftyd.

> *" Leisure, then, is essentially a block of time . The fact that the word "leisure" conjures up many things in the minds of men should not blind us the fact that when we are concerned with leisure we are primarily concerned with a period of time in which the feeling of compulsion is minimized. This is in contrast to those hours when we are compelled to work or prepare for work."* 16)

Waar hierdie werkstuk handel oor brongeoriënteerde ontspanning (ontspanning in die natuur) word 'n aaneenlopende vrye tyd slegs oor naweke verkry. Dit beklemtoon die waarde van 'n brongeoriënteerde ontspanningsoord binne maklike bereik van die stedeling. 'n Ontspanningsoord wat, sê, 10km vanaf 'n woongebied geleë is, kan 'n wonderlike geleentheid vir 'n uurtjie se ontspanning in die natuur na die dag se werk bied.

Benewens die uitstaande karakter van vrywillige ongebondenheid van 'n ledige uurtjie is 'n verdere vereiste dat dit opbouend bestee moet word. Daarom word vryetydsbesteding ook beskou as:-

> *"The complex of self-fulfilling and self-enriching*

---

16) Ibid., p.3.

*values achieved by the individual as he uses leisure time in self-chosen activities that recreate him."* 17)

Hieruit blyk dit dat alhoewel sommige mense wêl aftye het, hulle nie instaat is om dit nuttig as vrye tyd te bestee nie.

Om op te som moet vryetyd dus:-

a) aaneenlopend wees,
b) selfverrykend en opbouend bestee word,
c) balans en waarde tot die lewe toevoeg en
d) heeltemal vrywillig en op eie keuse aangewend word.

1.4.f. DIE MERKWAARDIGHEID VAN VRYE TYD EN VRYETYDSBESTEDING

Die hoeveelheid vrye tyd wat tot die mens se beskikking is en hoe hy daarvan gebruik maak, is veelseggend. Daar kan met reg beweer word dat 'n beskawing finaal getoets word deur op sy vermoë om sy vrye tyd met aanwins en wysheid aan te wend, te let. Indiwidue, gemeenskappe en nasies word gemaak of gebreek deur die wyse waarop sy vrye tyd benut word.

Die nuttige aanwending van vrye tyd is die finale toevoeging tot die lewensgehalte van indiwidue en gemeenskappe. Daarom word vryetydsbesteding deur Jensen beskrywe as:-

*"the main content of a free life and the nurse of civilization."* 18)

---

17) Ibid., p.3.
18) Ibid., p.4.

Disraeli beweer:-

> *"Increased means and increased leisure are the two civilizers of man."* 19)

1.4.g. DIE HOEVEELHEID VRYE TYD

Dit is so dat die hoeveelheid aftyd van 'n indiwidu stadig maar seker toeneem. Dink maar aan die toestand in Suid-Afrika 'n dekade of twee gelede toe bykans almal op Saterdae moes werk en vergelyk dit met vandag waar werk op Saterdae bykans 'n uitsondering geword het. Die ontwikkeling van die wêreld kan in definitiewe fases opgedeel word. So was daar die Industriële Omwenteling en vandag lewe ons in die tegnologiese eeu. Daar kan nou egter beweer word dat die wêreld op die vooraand van die elektroniese era is. Dink maar aan hoeveel werk deur die komper verplaas word en aan die veld wat deur die elektroniese handrekenmasjientjie gedurende die afgelope vyf jaar gewen is. Dit mag wel so wees dat niemand hul werk as gevolg hiervan verloor het nie, maar in effek, het die werker meer vrye tyd tot sy beskikking bygekry.

Namate outomatisasie en die elektonika verder ontplooi word, word daar 'n uitdaging aan gemeenskappe gestel:-

> *".... one of our great challenges is to construct a worthwhile society largely on the concept of leisure rather than totally on the concept of work."* 20)

---

19) Ibid., p.4.
20) Ibid., p. 6.

Die drie groot gevare van die Westerse beskawing word beskou as wêreldoorloë, oorbevolking en oormatige ledige tyd.

Hieruit blyk dus die noodsaaklikheid van genoegsame, bereikbare ontspannings geriewe in die opvoeding van die hedendaagse mens om sy ledige tyd in nuttige vryetydsbesteding te omskep.

> *"Increased leisure time simply presents a new apportunity to succeed to greater heights or to fall in the attempt. It requires the making of choices and in order to assure wise choices we must provide adequate education and good leadership".* 21)

Die volwassene se daaglikse program (of tydsbegroting) kan in drie kategorieë verdeel word, nl.:-

a) Oorlewingstyd waarin biologiese behoeftes soos byvoorbeeld slaap, eet ens. bevredig word.

b) Bestaanstyd - Dit is die tyd waartydens die beroep ens. beoefen word.

c) Ledigetyd - Dit is die oorblywende tyd wat beskikbaar is nadat 'n minimum vlak van oorlewing en bestaan volbring is.

Op 'n 24 uur skaal kan die volwassene se tyd skematies as volg ingedeel word:-

| oorlewingstyd | bestaanstyd | ledigetyd |
| --- | --- | --- |
| 10uur | 9uur | 5uur |

---

21) Ibid., p.6.

Volgens Cappock en Duffield is die weeklikse tydsbegroting vir 'n gemiddelde Brit soos volg:- 22)

| | |
|---|---|
| Beskikbare tyd per week | 168 uur |
| Slaap en werk | 104 uur |
| Eet, was, sosiale en huishoudelike pligte | 20 uur |
| Verskil | 124 uur |
| Ledige tyd beskikbaar | 44 uur |

Wronski, 'n amptenaar van die Metropolitaanse beplanningsraad van Toronto, haal die volgende Kanadese syfers vir die tydsbegroting op Nasionale vlak aan:- 23)

| | % 1969 | Toekomstige % |
|---|---|---|
| a) Slaap | 39% | 39% |
| b) Werk | 13% | 7% |
| c) Skool | 2% | 3% |
| d) Ledige tyd | 27% | 38% |

Aangesien hierdie studie oor ontspanning en provinsiale ontspanningsoorde in die Oranje-Vrystaat handel, is dit duidelik dat die beskikbare, aaneenlopende vrye tyd en die ruimtelike verspreiding van ontspanningsoorde ten opsigte van bevolkingskonsentrasiepunte in verband met mekaar moet staan.

---

22) Coppock, J.T., en Duffield, B.S., Recreation in the Countryside, p. 89.

23) Recreation 69 Symposium Papers, Op.cit., p. 28 .

1.4.i. ONTSPANNING .

Ontspanning dui op 'n menslike aktiwiteit waarby vrye tyd nuttig bestee word. Die Afrikaanse taal is hier ook nie goedbedeeld nie, want beide Engelse woorde "recreation" en "relaxation" word deur die begrip "ontspanning" omvat. Die woord "ontspanning" weergee ook nie werklik die diepere betekenis van die begrip "herskepping" nie en daarom sou 'n direkte vertaling "rekreasie" meer bevredigend gewees het, maar as gevolg van taalvereistes word daar by die woord "ontspanning" gehou.

Die woord "recreation" is ontleen aan die Latynse werkwoord "recreare" - om te hernieu. Hieruit blyk duidelik dat ontspanning hernuwing en herstel tot die oorspronklike staat tot gevolg moet hê. Wanneer die woord "ontspanning" dus gebruik word, word verwys na die menslike aktiwiteite wat beoefen word om hoofsaaklik fisiese, geestelike en verstandelike herstel te bewerkstellig en die genot wat daarmee gepaard gaan is tot 'n groot mate 'n byvoordeel wat bekom word.

Dit is nou so dat wat vir die een persoon ontspanning is, vir die ander 'n straf kan wees en, wat vir 'n persoon vandag ontspanning is, môre vir hom 'n las kan wees.

Die groot geheim van 'n ontspanningsaktiwiteit lê in die vermoë daarvan om die mens met sy hele wese ten volle af te sluit en weg te voer van sy daaglikse roetine en probleme. Die totale wese van die mens moet dus geabsorbeer word:-

> *"As a result of this absorption, all disturbances are overcome, and harmony is restored or re-created in the individual."* 24)

---

24) Ibid., p. 6.

Ontspanning moet vrywillig beoefen word.

Meyer sê ontspanning is:-

> *" ..... activity voluntarily engaged in during leisure time and primarily motivated by the satisfaction and pleasure derived from it."* 25)

Romney voel dat ontspanning nie net altyd fisiese aktiwiteite moet insluit nie:-

> *"Recreation is not a matter of motions - but rather emotions. It is a personal response, a psychological reaction, an attitude, an approach."* 26)

Die mens wat liggaamlike werk verrig sal geen ontspanning vind in vermoeiende en heftige fisiese ontspanning nie en hý weer, wat heeldag syferwerk doen, sal nie behoefte hê aan ontspanning waarby konsentrasie geverg word nie. Die ontspanningsaktiwiteit wat beoefen word, moet dus heeltemal afwyk van die werksituasie. So word kleur en balans aan die lewe gegee.

Ontspanning kan herstellend (E. ameliorative) wees wanneer tekorte aangevul en versteurings verwyder word,of dit kan verrykend wees wanneer die indiwidu tot 'n sekere mate verander word of wanneer daar iets tot sy begaafdheid toegevoeg word. Die beste is natuurlik wanneer ontspanning beide eienskappe gelyktydig kan verwesentlik. Die gehalte van die ontspanningsaktiwiteit moet nie uit die oog verloor word nie.

---

25) Jensen, C.R., Op. cit., p. 7.
26) Ibid., p. 7.

By ontspanning is die volgende elemente dus noodsaaklik:-

a) Die indiwidu moet direk daarby betrokke wees.
b) Dit moet vrywillig wees.
c) Dit moet gedurende vrye tyd beoefen word.
d) Die motivering moet genot, selfvoldaandheid, verryking en opbouing wees en daar moet geen ekonomiese bymotiewe wees nie.
e) Dit moet heilsaam vir die indiwidu en die gemeenskap wees.

Onderskeid moet getref word tussen ontspanning, vermaak, tydverdryf en halfhartige deelname aan een of ander aktiwiteit.

1.4.j. ONTSPANNINGS-KATEGORIEë

Volgens Burton kan ontspanningsaktiwiteite in vyf hoofkategorieë verdeel word:-

a) Kulturele ontspanning. (opvoerings, konserte, ens),
b) Sosiale ontspanning. (samesyn van vriende),
c) Georganiseerde sport,
d) Buitelug ontspanning en
e) Jaarlikse vakansie 27)

Buitelug ontspanning kan verder opgedeel word in:-

a) Daaglikse ontspanning in die vorm van aktiwiteite wat deur die mens afsonderlik of binne groepsverband beoefen word. Hieronder resorteer 'n wandeling in die park of 'n potjie tennis na werk. Die voorsiening van fasiliteite in hierdie verband berus hoofsaaklik by die Munisipale Owerhede.

---

27) Burton, T.L., Op. cit., p. 27.

b) Ontspanning wat gedurende naweke of kort vakansies beoefen word: In hierdie geval word ontspanningsoorde wat verder geleë is besoek. In Suid-Afrika is die Provinsiale Owerhede of in sommige gevalle ook Munisipale en Nasionale Owerhede vir die voorsiening van fasiliteite verantwoordelik.

Jensen bied 'n ander klassifikasie van ontspanningsaktiwiteite aan:-

a) Brongeoriënteerde ontspanning waar die aktiwiteite afhanklik en gerig is op die natuurlike bron soos visvang by 'n dam en om wild te besigtig.

b) Aktiwiteitsgeoriënteerde ontspanning waar die persoon aktief deelneem aan een of ander sportsoort of as toeskouer so 'n byeenkoms bywoon. 28)

Daar is egter nie 'n skerp onderskeid nie, want sneeu teen die berghang is brongeoriënteerd ten opsigte van die aanskoulikheid daarvan, maar om te ski verg ook fisiese deelname.

Jensen beskou opelug ontspanning en brongeoriënteerde ontspanning as dieselfde en omskrywe dit as volg:-

*"It is defined as those recreational activities which occur in an outdoor (natural) environment and which relate directly to that environment."* 29)

'n Verdere indeling is passiewe ontspanning en aktiewe ontspanning, maar weereens is die grens nie skerp nie.

Vir die doel van hierdie werkstuk word ontspanning beskou as brongeoriënteerde ontspanning of enige passiewe of ak-

---

28) Jensen, C.R., Op. cit., p. 9.
29) Ibid., p. 10.

tiewe ontspanning wat by 'n provinsiale ontspanningsoord in die Oranje-Vrystaat beoefen kan word. Die natuur en die bron word derhalwe beklemtoon. Die natuur bied aan ons 'n wye verskeidenheid. Weens die feit dat verskillende mense hul ontspanningsbehoeftes met gelyke geleenthede op verskillende wyses bevredig, kan 'n natuur oord aan bykans alle mense geleenthede bied om aan 'n vrywillig-gekose ontspannings-aktiwiteit deel te neem.

# HOOFSTUK II

# "ONTSPANNING" EN FAKTORE WAT DIE AANVRAAG DAARNA BEÏNVLOED

## 2.1 INLEIDING

Met die toename in vrye tyd van die Westerse volke gedurende die afgelope dekades, het die besteding van hierdie tyd al hoe belangriker geword. Die eeu waarin ons lewe word deur Burton beskryf as:-

*"The millennium - the age of leisure"* 1)

Die mens woon nie in die stad omdat hy daarvan hou om in 'n massa saamgedring te word nie, maar omdat hy afhanklik is van die werksgeleenthede, inkomste en dienste wat deur die stad aan hom gebied word. Die grasperk en brome in die tuin van sy woonplek simboliseer sy hunkering na privaatheid, onafhanklikheid en sy behoefte aan die natuur. Die mens is afhanklik van kontak met sy natuurlike omgewing. Reeds aan die einde van die vorige eeu het Ebenezer Howard die ideale stad as volg gesien:-

Huise stewig en mooi, in groepe van beperkte omvang, strategies geplaas met betrekking tot strome en heuwels, met skoon, lewendige strate binne die stad en oop velde daarbuite. Die stad moet omring wees met 'n gordel van pragtige tuine en bome wat vanaf enige kant in die stad bereik kan word sodat die mens 'n aansig kan hê op die grasvlaktes en die natuurlike horison. 2)

As gevolg van die snelle ekonomiese groei, industrialisasie en verstedeliking, het daar 'n aansienlike styging

---

1) Burton, T.L., Recreation Research and Planning, p. 13.
2) Howard, E., Garden Cities of Tomorrow, p. 50.

in die volume vrye tyd, persoonlike- en gesinsmobiliteit, opleidingstandaard en opvoedingspeil ontstaan. Hierdie en ander faktore veroorsaak tans 'n groot aanvraag na nuwe ontspanningsfasiliteite en plaas die bestaande ontspanningsbronne onder 'n groot besoekersdruk. Hier benewens heg die gemeenskap van die huidige tyd groter waarde aan die nut van ontspanning ter bevordering van fisiese en geestelike welsyn. Hierdie kwantitatiewe en kwalitatiewe faktore skep probleme waarmee die owerhede te kampe kry in hul pogings om 'n beleid in hierdie opsig te formuleer en te implementeer.

Die nut van die landelike omgewing vir ontspanningsdoeleindes vir die mens van die stedelike en industriële gebiede van toenemende kompleksiteit, is lankal reeds besef.

Veel is al gedoen om fisiese ontspanningsfasiliteite binne die stad te skep, maar die daadwerklike skepping van ontspanningsfasiliteite vir die stedeling in die landelike omgewing is tot onlangs toe nog skromelik verwaarloos. Noord-Amerika is goedbedeeld met Nasionale Parke en natuurskoon wat dien as ontspanningshulpbronne, maar tog skryf Wolfe in 1964 vanuit daardie geweste:-

> *"Little more than a decade ago, the literature on outdoor recreation was relatively meagre, and the geography of the subject had scarcely been touched."* 3)

---

3) Coppock, J.T., en Duffield, B.S., Recreation in the countryside, p.1.

Ontspanning vertoon die onderskeibare tekens van die mens se ruimtelike aktiwiteitspatrone in verhouding tot sy omgewing. Die gehalte van die stadslewe in ontwikkelde lande word deur die natuuromgewing rondom die stad bepaal en beplanners, sosioloë en geograwe sal met toenemende ywer aandag moet skenk aan die verband tussen vryetydsbesteding en die landskap.

Al wat deur die mens van die lewe geverg kan word, is dat hy 'n gelukkige bestaan moet kan voer. Jensen skryf uit Amerika:-

> *"In the declaration of independence it is proclaimed that 'the pursuit of happiness' is a basic human right."*

en verder:-

> *"The pursuit of true happiness is today as it has always been, the main busniss of the human race."* 4)

Na aanleiding van stellings soos bogenoemde bestaan daar geen twyfel nie dat die mens se basiese lewensoorweging dié van geluk is. Benewens voedsel, gesondheid, kleding en innerlike tevredenheid is ontspanning een van die belangrike boustene van geluk. Deur te werk, en hard te werk vir jou lewensbestaan, kan aan die een reeks vereistes voldoen word ten opsigte van geluk en deur aan die anderkant te ontspan, word aan die ander reeks vereistes voldoen. Daardeur word liggaamlike- en geestelike gesondheid bevorder en daaruit word krag geput om weer te werk.

-------------------------------------

4) Jensen, C.R., Outdoor Recreation in America. p. 1.

Gedurende die afgelope dekades het die Suid-Afrikaanse bevolking van 'n landelike na 'n stedelike bevolking verander, maar die behoefte aan die natuur leef egter nog voort.

> *"As a result, the big outdoor recreation rush is on ...... "* 5)

Mense uit alle rigtings en uit elke bevolkingslaag van die samelewing reis lang afstande om te jag, uit te kamp, vis te vang, aan boot- en watersport deel te neem, foto's te neem, te stap of sommer hulself net in die rustigheid van die natuur te verlustig.

Die natuuromgewing was nog altyd 'n groot laboratorium vir opleiding, 'n museum vir studie en 'n speelpark vir volkome helende genot en pret. Dit vervul in die mens se behoeftes op 'n besondere wyse. Dit is dus noodsaaklik dat daar altyd vis in ons damme en wild in ons woude en op ons vlaktes moet wees. Uitsigte om te skilder en te fotografeer, paadjies waarlangs gewandel kan word en wildernisse wat die avontuurlustige kan aandurf is noodsaaklik. Indien die mens hiervan beroof word, word hy van een van sy grootste dryfvere in sy lewe ontneem. Daarom moet daar beplan, gekoördineer, saamgewerk en opleiding verskaf word, teneinde die natuur met al sy ryke fasette te bewaar.

By die ontleding van ontspanning is daar twee kante van die saak:-

a) Die sosiologiese verskynsel van vrye tyd, in hierdie geval daardie gedeelte van die indiwidu se vrye tyd wat aaneenlopend aan ontspanning in 'n landelike omgewing bestee word en

---

5) Ibid., p. V.

b) Die fisiese ontspanningsbronne benodig vir hierdie ontspanning.

Die aanbod/aanvraag-model kan goed gebruik word om hierdie twee kante byeen te bring, omdat ontspanningspatrone en die wisselwerking tussen ontspanningsbronne tot 'n mate die wette van die markmeganisme gehoorsaam.

## 2.2 DIE GROEI VAN DIE BEHOEFTE AAN ONTSPANNING

Stede bestaan al vir baie eeue. Die inwoners het 'n redelik ongekompliseerde lewenswyse gehandhaaf in die stede wat hoofsaaklik as handelsentra en ambagsbedieningspunte gedien het. Daar was bykans geen onderskeid tussen die stedelike grense en die natuurlike bronne in en om die stede nie. Die omland kon op voldoende wyse aan die ontspanningsbehoeftes van die stedelinge voorsien.

'n Groot gebeurtenis, bekend as die Industriële Revolusie, het 'n omwenteling, nie net op die beskikbaarheid van natuurlike bronne nie, maar ook op die ontspanningsbehoeftes van die stedelinge bewerkstellig. Spesialisasie van arbeid en die indeling van werk in take as metodes van massaproduksie, die wyse waarop mense en goedere vervoer is en die algemene strewe van volkere op nasionale vlak hul ekonomië te verbeter, het gelei tot langer werksure, kinderindiensneming, onhigiëniese toestande in woonbuurtes, besoedeling van alle omliggende, natuurlike hulpbronne, hoë sterftes en 'n algemene onnetheid en vaalheid in stede.

Vir die eerste keer het die mens se tyd toe geld werd geraak en die beperktheid van vrye tyd sowel as die ongunstigheid van sy lewenswyse en omgewing het gevolglik ontspanning in die vrye natuur genoodsaak. Dit was egter eers aan die einde van die vorige eeu dat daadwerklike

stappe ter verbetering van die lewensgehalte in stede geneem is. Hiervan getuig die "Garden Cities" van Brittanje en die "City Beautiful" beweging van Noord-Amerika. 6)

Vandag word besef dat natuurlike hulpbronne misbruik is en dat buitestedelike ontspanningsoorde 'n vername rol het om te vervul, want die natuur binne die stad is bykans uitgewis. Hoewel dit al baie laat is, kan daar vandag met dankbaarheid gesê word dat veral owerheidsweë en beplanningsinstansie, maar ook die algemene burger, tot 'n bewustheid van die natuurlike omgewing geraak het. Almal is vandag bewus van die gevare van besoedeling en die owerhede doen gereelde aanpassings aan wetgewing ten einde ons omgewing te beskerm. Slegs deur die natuurlike omgewing te bewaar en te beskerm, en om die skade wat reeds aangerig is te probeer herstel, kan die stad weer naby aan die ware ontspanningsomgwing gebring word. Die Hooggeregshof het gedurende die sestiger jare in Washington verklaar:-

> *"An unwritten compact between the dead, the living and the unborn requires that we leave the unborn something more than debts and depleted natural resources."* 7)

## 2.3 FAKTORE EN PATRONE TEN OPSIGTE VAN BEPLANNING

Die patrone van opelugontspanningsaktiwiteite wat tans heers, is die gevolg van 'n dinamiese sisteem van interverwantskappe tussen 'n groot verskeidenheid van faktore. Die kernfaktore hier is die waardes en behoeftes van

---

6) Kanada, Universiteit van Waterloo, Wronski, W., The City as a leisure Environment, in Recreation 69 Symposium Papers, p. 28.

7) Ibid., p. 29.

potensiële gebruikers van ontspanningsfasiliteite. Die sluimerende behoefte aan deelname aan ontspanningsaktiwiteite van uiteenlopende aard word hierdeur bepaal. Die sluimerende behoeftes word omvorm in geleenthede. Hierdie geleenthede bied dan die potensiaal om werklik deur middel van drie hooffaktore aan ontspanningsaktiwiteite deel te neem.

Eerstens is daar die heersende aanbod van fasiliteite ten aansien van die aantal, aard, ligging en toeganklikheid.

Die tweede hooffaktor is die gedifferensieërde kennis van die heersende aanbod aan die kant van die potensiële gebruikers daarvan en laastens speel die kenmerkende voorkeure en eienskappe van die potensiële gebruikers 'n belangrike rol. Die beskikbaarheid van geld, vrye tyd ens. wat tot die indiwidu se beskikking is, resorteer hieronder.

Die geleentheid wat benut word lei tot deelname aan ontspanning óf aktiwiteite verwant aan ontspanning wat op hul beurt weer die waardes en behoeftes van verbruikers beïnvloed. Bostaande uiteensetting van faktore is 'n oorvereenvoudiging van so 'n sisteem. Elk van bogenoemde sleutelveranderlikes is op sigself 'n produk van ander veranderlikes. Die heersende aanbod van fasiliteite is byvoorbeeld die produk van die beskikbaarheid van natuurlike en mensgemaakte bronne, kostes, die waardes en behoeftes van die voorsieners ens. Soortgelyk is die beskikbaarheid van geld vir ontspanning en vrye tyd wat 'n persoon aan ontspanning bestee, 'n funksie van faktore soos sy ouderdom, inkomste, beroep, opvoedingspeil en gesinsstatus.

Al hierdie veranderlikes en faktore lewer 'n model wat baie gekompliseerd is en 'n vereenvoudiging van die sisteem is die enigste uitweg. By die beplanning en bestuur

37/.....

van 'n ontspanningshulpbron kan 'n korrek–verteenwoordigde sisteem vir die owerheid van groot waarde wees. Die betrokke hoofveranderlikes moet uitgeken word:-

> *"It serves to emphasize that the chief concern is not with leisure facilities, but leisure opportunities, that decisions to add or not to add the existing supply of facilities must be made in the light of the potential impact upon available opportunities."* 8)

Kennis van die beskikbare potensiaal van die natuurlike hulpbronne ten opsigte van ontspanning en van die waardesisteme en karaktereienskappe van die gebruikers is dus noodsaaklik. Ontspanningshulpbronne kan derhalwe ten opsigte van ontspanningsgeleenthede beplan word. Die basiese rede vir beplanning is om daardeur die ongewensde effekte van verandering uit te skakel, terwyl die gewensdes terselfdertyd bevorder word. Beplanning is dus die proses waardeur die mens doelbewus poog om sy omgewing te beïnvloed en te beheer om sodoende die kwaliteit van sy lewe te verbeter. Soos reeds gestel is, is 'n belangrike deel van lewenskwaliteit juis ontspanning.

Voorafgaande bekelmtoon net die feit dat, wanneer beplanning van ontspanning en ontspanningshulpbronne gedoen word, alle relevante faktore in berekening gebring moet word en dat die beplanning opsigself deur die mens vir die mens moet wees.

## 2.4 DIE AANVRAAG NA ONTSPANNING

In Skotland is 'n opname gemaak na wat die mense graag as fasiliteit in 'n landskapsoord sou wou hê. Die eienaardige verskynsel dat slegs 'n baie klein persentasie

---

8) Ibid., p. 38.

38/.......

van die mense melding gemaak het dat die natuurlike elemente van die landskap voorkeur moet geniet, het aan die lig gekom. Die oorgrote meerderheid van die mense sou graag daardie fasiliteite wat by uitstek binne die stadsgrense tuishoort, in 'n natuuroord wou hê. 9)

Met hierdie faktor moet rekening gehou word.

By 'n ontspanningsoord moet derhalwe nie net geleenthede wees vir wandelinge in die landskap of wildbesigtiging nie, maar daar moet ook aantreklike geleenthede geskep word vir ontspanningstipes wat ook in die stad voorkom. 'n Gholfbaan, 'n Snoekerkamer ens. is dus gewild en daarom in aanvraag en noodsaaklik. Dit moet ingedagte gehou word dat 'n ontspanningsoord in die natuur sy dienste moet bemark. Die mense moet dus getrek word en daar moet geleenthede geskep word sodat die besoekers hulself nooit verveeld vind nie.

In ekonomiese terme dui aanvraag op die verhouding tussen die hoeveelheid van 'n produk wat deur die mense gekoop sal word en die prys wat hulle bereid sal wees om daarvoor te betaal onder volkome vrywillige toestande. Vir deelname aan ontspanningsaktiwiteite is daar 'n sekere prys wat betaal of wrywinge wat oorkom moet word, en dit word kortliks as volg genoem:-

a) Die koste verbonde aan toerusting (woonwa, motorboot, bergklimtoue, ens.),
b) reiskoste,
c) reistyd,
d) fisiese koste verbonde aan deelname (toegang ens.),
e) toeganklikheid tot die gebied en
f) die mense-samedromming binne die gebied.

---

9) Coppock, J.T., en Duffield, B.S., Op. cit., p. 37.

In terme van ontspanning dui die aanvraag dus op die aantal verskillende ontspanningsaktiwiteite en elk se rangorde van gewildheid waarin die gemeenskap gewillig en/of instaat sal wees om deel te neem op sy voorwaarde dat die fasiliteite se toeganklikheid en gehalte goed is en dat dit nie deur mense oorstroom moet word nie. Indien die aanvraag na ontspanning sō geformuleer word, word die model vereenvoudig. Daar word aangeneem dat 'n wye keuse tussen verskillende ontspanningsbronne bestaan en dat elke bron 'n verskeidenheid geleenthede bied. Die veranderlikes in hierdie model is dan slegs die persoonseienskappe van die gemeenskap van die bedieningsgebied, naamlik elke persoon se inkomste, ouderdom, gesinstruktuur, beroep, opvoedingspeil ens.

Daar is selde 'n balans tussen deelname of gebruik en die aanbod van ontspanningsgeleenthede en dit word veroorsaak deur:-

a) swak toeganklikheid,
b) swak reklame en
c) swak gehalte van die bron.

Ook is daar geweldige wisseling in die aanvraag gedurende die loop van 'n kort tydperk in vergeleke met 'n langer tydperk.

Daar is dus gewoonlik ōf 'n onbevredigde aanvraag, ōf 'n ooraanbod van geleenthede. Die onbevredigde aanvraag staan ook bekend as "latente aanvraag" en hierdie toestand kom voor in stede waarvan die ligging verafgeleë is ten opsigte van gebiede van besondere natuurskoon. Die latente aanvraag bestaan ook uit daardie aantal deelnemers wat, veral aan die begin, slegs aan 'n geleentheid gaan meedoen omdat dit geskep is.

Die begrip "potensiële aanvraag" dui op die aanvraagsprojeksie vir die toekoms met inagneming van die aanvraag wat tot 'n mate kunsmatig geskep word deur die beskikbaarstelling van ontspanningsgeleenthede.

Die deelname aan ontspanningsaktiwiteite kan ook die aanbod oorskry onder omstandighede waar die gehalte van die fasiliteite, dienslewering aldaar en die toeganklikheid daartoe puik is.

Die gebied, wat begrens word deur 'n radius waarvan die grootte bepaal word deur die mens se weerstand en vermoë om te reis, staan bekend as die mens se "leefruimte". As 'n vliegtuig 'n kostelose en onbeperkte vervoermiddel was, sou baie Bloemfonteiners seker elke naweek in die Kaap gaan ontspan het en gevolglik sou die leefruimte, wat andersins beperk is, tot in en om Bloemfontein, baie groter gewees het.

## 2.5 DIE ONTSPANNINGSVOORSIENING (AANBOD)

'n Ontspanningsbron moet nie net gesien word as die daarstelling van fisiese elemente nie, maar eerder as die daarstelling van dinamiese elemente wat kultureel ontplooi word deur die aard van die aktiwiteite.

> *"While the physical environment will necessarily dictate the absolute level of supply, resources should be seen within this total constraint as expanding and contracting in response to human effort and behaviour."* 10)

Dit is moontlik om gebiede te identifiseer, lokaliseer en te gradeer na gelang van die fisiese eienskappe daarvan en potensiële voorsiening word derhalwe daar gestel.

---

10) Ibid., p. 5.

Die beskikbare voorsiening is daardie bronne en geleenthede wat alreeds vir die gemeenskap tot 'n sekere kulturele en ekonomiese vlak ontwikkel is. Daar is ook beperkings op die voorsiening van ontspanningsfasiliteite te wete die afstand, toeganklikheid, die houding van die grondeienaars en die beleid van die owerheid.

## 2.6 VRYETYDSBEGROTING

Ontspanning in die natuur kan slegs in perspektief gesien word indien die vryetydsbestedingspatrone van die gemeenskap nagevors word.

Die ingewikkelde ruimtelike patrone word nog verder gekompliseer deur die geweldige wisseling in beskikbare vrye tyd gedurende die verloop van een dag, die verloop van dag tot dag en die verloop van maand tot maand.

Die volgende tendense word opgemerk:-

a) Sosiale posisie:- Die vrye tyd van 'n pensioentrekker, huisvrou, student, voltydse werker ens. is baie verskillend van mekaar.

b) Opvoedingspeil:- Daar is 'n verskil in die vryetydsbesteding van groepe met verskillende opleiding en kwalifikasies soos bv. die professionele persoon, die geskoolde- en ongeskoolde werker, ens.

c) Huwelikstatus:- 'n Getroude persoon met kinders moet dikwels oortyd werk om die pot aan die kook te hou en daar is ook altyd takies om tuis te verrig. 'n Interessante verskynsel is dat die huisvrou dikwels die minste vrye tyd tot haar beskikking het.

d) <u>Huisvesting</u>:- Die persoon woonagtig in 'n woonhuis, bestee ongeveer 16 uur per week aan huishoudelike take. 11)
Die woonstelbewoner het dus meer vrye tyd tot sy beskikking.

e) <u>Sosio-ekonomiese status</u>:- Die hoër statusgroepe het nie noodwendig meer vrye tyd tot hul beskikking nie, maar tog neem hulle meer deel aan ontspanningsaktiwiteite:-

*"Whatever things may have been like in the past, the highest status people are for the most part no longer, as they were in the nineteenth century, the leisure class...."* 12)

'n Neiging wat ook vandag na vore tree is dat die vrye tyd van professionele mense kunsmatig verhoog word deur die Suid-Afrikaanse belastingstelsel.

Die periode vrye tyd beskikbaar bepaal die keuse van die ontspanningsaktiwiteit. Gedurende 'n weeksdag, as die beskikbare tyd beperk is, is die deelname minder, want ontspanning in die natuur geskied hoofsaaklik gedurende dagligure. Gedurende die naweek is meer vrye tyd beskikbaar en langer motorritte word dan onderneem. Die Lente- en somerseisoen word benut as 'n vakansie of 'n naweek by die see of by 'n binnelandse vakansie-oord, terwyl die Winter op die hoogland weer die moontlikhede inhou van ysskaats of sneeubesigtiging.

---

11) <u>Ibid</u>., p. 11.

12) <u>Ibid</u>., p. 13.

Daar word verwag dat werkers in die toekoms minder werksure gaan werk met 'n gevolglike toename in vrye tyd. Elke beplannings-instelling wat betrokke is by die voorsiening van ontspanningsfasiliteite sal 'n deeglike studie van die vryetydsbestedingspatrone moet maak.

## 2.7 FAKTORE WAT DIE VRAAG NA ONTSPANNING BEÏNVLOED

Faktore wat die vraag na ontspanning beïnvloed kan in die volgende drie kategorieë ingedeel word:-

### 2.7.a FISIESE EN TEGNOLOGIESE KRAGTE

As gevolg van die moderne tegnologie het die vrye tyd, persoonlike welvaart en massakommunikasie geweldig toegeneem. Persoonlike- en gesinsmobiliteit speel 'n sleutelrol in ontspanningspatrone. In teenstelling met die persoon wat afhanklik is van openbare vervoer, is die motoris en sy gesin instaat om met relatief groot hoeveelhede benodigdhede en toerusting, ongebonde aan tyd, tempo, roete en bestemming, te beweeg. Die mense waarvan persoonlike mobiliteit beperk word tot openbare vervoer, behoort gewoonlik tot die laer sosio-ekonomiese vlakke van die bevolking en hulle het dus weinig geleenthede om in die natuur te ontspan.

Sedert die afgelope paar dekades het motoreienaarskap geweldig toegeneem. Daar is ook 'n goeie padnetwerk in die Oranje-Vrystaat soos ook in die res van die land. 'n Mens staan verstom om te dink dat daar 'n eeu gelede nog bykans geen brandstof aangedrewe motor of vliegtuig was nie.

Die motor is veral van nut vir 'n onbeplande plesierrit in die natuur en baie van die motorritte, veral oor naweke, het dan ook hieruit sy oorsprong. Die motor is

44/........

veral van nut vir gebruik in groepaksie:-
vir 'n gesin, vir 'n groep jong vriende of vir 'n paar bejaardes.

Volgens die besoekers rekords aan die Natuurreservaat by die Krugersdriftdam was die gemiddelde aantal insittendes per voertuig gedurende 1978, 28 persone per motor. 13)

Die reiskoste is vandag baie hoog, maar tog word vermoed dat, behalwe in die geval van 'n krisis, motoriste nie veel sensitiwiteit aan die dag lê as gevolg van die brandstofprys ten opsigte van ontspanningsdeelname in die natuur nie, maar wêl eerder ten opsigte van reisafstand en -tyd.

Reistyd is van deurslaggewende belang. By die daarstelling van ontspanningsfasiliteite moet gepoog word om hierdie fasiliteite binne die reistydruimtesirkel van stedelinge te plaas.

Verafgeleë plekke van besondere natuurskoon het altyd bestaan, maar die hedendaagse mobiliteit vergemaklik toeganklikheid daartoe. Daarom is die rol van natuurbewaring so belangrik.

2.7.b INSTITUSIONELE KRAGTE

Aangesien aktiewe sport, gesien vanuit Christelike beginsels, in sommige groepe van die gemeenskap nie op Sondae beoefen word nie, word die vrye tyd op hierdie dag gewoonlik aan informele ontspanning in die natuur

---

13) Oranje-Vrystaat (provinsie), Provinsiale Administrasie, Bloemfontein, Besoekersrekords, 1978.

bestee. Die Kerk en Staat baken sekere dae as openbare vakansie dae af, met 'n gevolglike toename in vrye tyd.

Die wet laat wildjag toe gedurende sekere maande van die jaar. Vakunies beywer hulle voortdurend vir beter lone en korter werksure. Hierdie is voorbeelde van wysers waarop institusionele kragte ontspanningspatrone beïnvloed. Hierdie kragte het egter nie 'n konstante invloed, gemeet oor 'n tydperk, nie. Dit is opmerklik dat aktiewe sport op Sondae vandag meer algemeen beoefen word as, sê 20 jaar gelede. Dit kan gebeur dat met 'n verandering in regeringsbewind, 'n groot verandering in die welslae van vakbonde kan intree. Al hierdie faktore bemoeilik die projeksie van die ontspanningsaanvraag.

### 2.7.c SOSIO-EKONOMIESE KRAGTE

Hierdie kragte kan in die volgende afdelings verdeel word:-

#### i) DEMOGRAFIE

Lewenswyse en lewenssiklus beinvloed die ontspanningspatroon:-

Die ongetroude of getroude persoon sonder kinders neem oor die algemeen meer deel aan aktiewe ontspanning as die man met 'n gesin. Hierdie neiging kan in die toekoms beïnvloed word deur byvoorbeeld die neiging tot kleiner gesinne en die neiging tot saamwoning buite die huwelik.

Die grootte van die bevolking en die ouderdomssamestelling beïnvloed die ontspanningspatrone:-

46/......

Geslag.- As gevolg van huishoudelike pligte van die vrou wat moet werk om die gesin te help versorg, het die vroulike geslag dikwels minder tyd vir ontspanning. Uit die aard van hul werk, moontlik sonder die gepaardgaande spanning en verantwoordelikheid, kan die vroulike geslag egter minder belangstelling en behoefte hê aan ontspanning in die natuur

ii) INKOMSTE EN BEROEP

*"Certainly, some very expensive passtimes are the monopoly of the wealthy, but many cheap pursuits (not all of them physically demanding) are largely ignored by the lower income groups. To this it may be added that some low-cost pursuits such as hill-walking, are highly favoured by the high income groups."* 14)

Die persoon met 'n hoër inkomste kan meer van die tyd gebruik vir ontspanning en die professionele man en kantoorgebonde persoon het 'n groter behoefte aan ontspanning as die handarbeider.

iii) OPVOEDKUNDIGE PEIL

Op skool, Kollege of Universiteit word die student se belangstelling in ontspanningsaktiwiteite, omgewingsleer en -bewaring gekweek.

---

14) Burton, T.L., Op. cit., p. 19.

iv) PSIGOLOGIESE WERKSBEVREDIGING

Die vraag mag ontstaan of daar 'n verband tussen 'n persoon se deelname aan ontspanning en die genot wat hy uit die beoefening van sy beroep put.

v) TRADISIE


Die kultuur en tradisie kan voorskryf welke ontspanningsaktiwiteite beoefen word, en 'n gemeenskap kan miskien besonder bewus wees van die noodsaaklikheid van ontspanning ter bevordering van fisiese en geestelike gesondheid.

## 2.8 VERVOER EN REISAFSTAND

Dit is bekend dat Suid-Afrika sedert 1973 gebuk gaan onder die sogenaamde "energiekrisis." Alles word inderwaarheid daardeur gestrem en die omvang van dié stremming word in grafiek I uitgebeeld. Gedurende die sewentigerjare het die prys van brandstof met meer as 20% per jaar toegeneem. Aan die anderkant het die verbruikersprysindeks vir alle items vir die gebied Bloemfontein slegs teen ongeveer 10% per jaar gestyg.

Die verbruikersprysindeks vir alle items kan as goeie aanduiding dien vir die tendens wat salarisse toon. Daar kan dus aangeneem word dat die salaris van 'n gemiddelde persoon gedurende die sewentiger jare teen 10% per jaar gestyg het. Dit is derhalwe duidelik dat die brandstof pryse baie sneller toegeneem het as salarisse.

'n Onmiddellike gevolgtrekking hieruit is dat Suid-Afrikaners minder geld tot hul beskikking het om, onder




Grafiek 1. Grafiek wat die styging van Brandstofpryse relatief tot die verbruikersprysindeks aantoon.

andere mee te reis. By die gewone salaristrekker is daar slegs geld beskikbaar vir die heel noodsaaklike ritte.


Om te bepaal of bogenoemde gevolgtrekking stand hou, is 'n ondersoek onderneem ten opsigte van verkeerstellings op verskillende paaie in die Oranje-Vrystaat. Die paaie-afdeling van die Provinsiale Administrasie hou gereelde verkeerstellings, maar daar is verskeie probleme om bevredigende syfers te verkry:-

a) Ten opsigte van vakansie-verkeer en toerisme kan 'n gemiddelde daaglikse syfer van gemiddelde verkeer nie gebruik word nie, want dit sluit hoofsaaklik noodsaaklike en handelsverkeer in. Tellings van Desember-verkeer behoort 'n goeie aanduiding van vakansie- en ontspanningsverkeer te gee, maar hierdie syfers is nie altyd geredelik beskikbaar nie.

b) As gevolg van padherbouings, waarvan verskeie gedurende die afgelope 10 jaar op bykans alle hoofpaaie in die Oranje-Vrystaat onderneem is en die aansluiting van nuwe paaie is aaneenlopende syfers by vaste punte nie beskikbaar nie, of is dit nie 'n getroue weergawe van die werklike situasie nie.

Nieteenstaande hierdie onbevredigende toestand, is daar tog beduidende verkeerstellings verkry en dit word op Grafiek II aangetoon. Die verkeerstelling op 'n vaste punt tussen Bethlehem en Kestell, 'n gemiddelde daaglikse syfer vir Desembermaand, is die bruikbaarste, en dit toon dat daar bykans konstante, jaarlikse groei in verkeer is.

49/........




——— Gemiddelde aantal motors per dag op die pad, N1, tussen Trompsburg en Edenburg.

—x—x—x— Gemiddelde aantal voertuie per dag gedurende Desembermaand op die pad, N1, naby Springfontein.

------- Gemiddelde aantal voertuie per dag vir Desember op die pad tussen Bethlehem en Kestell.

GRAFIEK 2. Grafiek wat die groeitendens van motorverkeer op die Vrystaatse paaie aantoon.

Hierdie pad is op die hoofroete tussen die meeste dele van die Vrystaat, Noord-Kaapland, Wes-Transvaal en die Natalse kus. Omdat die tellings Desembermaansyfers is en omdat ongeveer 33% van die Bloemfonteinse vakansiegangers die Natalse kus as gewildste vakansie bestemming verkies 15) kan daar derhalwe, in teenstelling met die aanvanklike gevolgtrekking, nou afgelei word dat die brandstofprys tot op hede nie vakansie verkeer gedemp het nie.

Daar kan verskeie redes hiervoor wees: Die vakansieganger besnoei miskien op ander gebiede, koop miskien 'n kleiner motor of iets dergliks, maar gaan nog steeds met vakansie. 'n Verdere rede kan wees dat vakansiegangers hul vakansiepatroon aangepas het by die hoë brandstofpryse. Voor 1973 kon 'n gesin miskien vir 'n maand lank langs die kus gaan ontspan, maar gaan tans miskien slegs vir twee weke om sodoende meer geld beskikbaar te hê vir brandstof, of dit is nou moontlik dat hulle slegs elke tweede jaar met vakansie gaan. Aangesien daar nog altyd 'n groot aanvraag na akkommodasie by ontspannings- en vakansie-oorde gedurende spitstye was, bring die inperking of die vakansie lengte per gesin 'n groter besettingswisseling mee en sodoende 'n toename in verkeer.

Hierdie is nou wel net bespiegelinge, maar die omvang van hierdie werkstuk laat nie 'n opname van vakansie duurtes by oorde en kuste toe nie.

Een feit staan egter soos 'n paal bo water:-

---

15) Suid-Afrika (Republiek), Departement van Toerisme, <u>Opname van Vakansiegewoontes van Suid-Afrikaners</u>, p. 10.

Die jongste brandstofprysverhoging was ingrypend en die kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse toestand, vir die volgende paar jaar altans, kan nog prysverhogings tot gevolg hê. Dit moet noodwendig in uitwerking hê op die Vrystaatse provinsiale ontspanningsoorde. Na verwagting sal besoeke vir kort tydperke, soos oor naweke, (veral buite seisoen), stagneer, terwyl besoeke oor die vakansie seisoen weer dermate kan toeneem dat uitbreiding genoodsaak kan word.

Die ligging van ontspanningsoorde ten opsigte van bevolkings-konsentrasiepunte is dus van kardinale belang. Moontlik moet oorweging geskenk word aan die instelling van 'n spesiaal-openbare vervoerdiens tussen groot sentra en openbare ontspanningsoorde tesame met die bevordering en selfs aanlokking van besoekers gedurende die buite-seisoen tydperke.

51/......

## HOOFSTUK III

## PROVINSIALE ONTSPANNINGSOORDE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk gee 'n beknopte oorsig oor fëitlike inligting insake die Provinsiale Ontspanningsoorde in die Oranje-Vrystaat. Drie oorde wat alreeds bestaan, te wete

1) Die Willem Pretorius Wildtuin/Oord,
2) Die Hendrik Verwoerddam-oord en die
3) Jim Fouché Oord.

word slegs kortliks bespreek. Reiff 1) het 'n volledige studie oor dié Oorde gedoen, maar sy studiedoelwit was gerig op die gebied van liggaamlike opvoedkunde en derhalwe meer gerig op fisiese ontspanning. Die skrywers poog hiermee nié om enigsins kompeterend met of aanvullend tot die voornoemde studie op te tree nie, maar wêl om volledigheid aan hierdie studie te verleen.

### 3.2 DIE WILLEM PRETORIUS WILDTUIN/OORD

Hierdie Oord is in 1959 amptelik ingebruik geneem en sedertdien het dit bekendheid verwerf wat ver buite die grense van die Oranje-Vrystaat strek.

---

1) Reiff, H.G., Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Departement van Opvoedkunde, Die Bydrae van die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat in die voorsiening van Buitelug Ontspanning: 'n Ondersoek met spesiale verwysing na die Willem Pretorius Wildtuin/Oord.

U.O.V.S. BLOEMFONTEIN
240973

3.2.1 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID

Die terrein is ongeveer 50Km vanaf Winburg aan die oewer van die Allemanskraaldam in die Sandrivier geleë. Die oord is slegs 12 km weg vanaf die hoofpad tussen Winburg en Kroonstad geleë en derhalwe is die toeganklikheid daartoe baie gunstig.

Die plesieroord is redelik sentraal geleë ten opsigte van die Oranje-Vrystaatse bevolkingskonsentrasies en die volgende syfers gee die benaderde afstand tussen die oord en die nabygeleë dorpe aan:-

Afstand tussen die oord en

| | |
|---|---|
| Kroonstad ................ | 80Km |
| Bloemfontein ............. | 150Km |
| Die Goudvelde ............ | 60Km |
| Bethlehem ................ | 170Km |

Selfs die Pretoria- Witwatersrand- Vereenigingkompleks is slegs 300Km vanaf die oord geleë.

Gedurende die afgelope paar jaar was die Nasionale pad tussen Winburg en Kroonstad onder herbouing en die alternatiewe roete oor Henneman was die aanbevole roete. Hierdie padherbouing is so pas voltooi en die verbeteringe wat aangebring is, vergoed nou vir die stremming van die afgelope paar jaar.

3.2.2 FASILITEITE

Die Willem Pretorius Oord is aanliggend tot die Willem Pretorius-Wildtuin en die oppervlakte van die Oord

opsigself is 1070 ha. 2) Hierdie area maak dus ruimskoots voorsiening vir die alle huidige- en toekomstige behoeftes, veral as bygesê word dat die Allemanskraaldam se water-oppervlakte 2771 ha en die Wildtuin, alles ingeslote, 8278 ha beslaan. 3) (Die absolute minimum area wat vir 'n Provinsiale Oord benodig word, is 25 ha.) 4)

Die volgende is van die fasiliteite wat by die oord aangebring is:-

1) Restourantkompleks.
2) Administratiewe Gebou.
3) Ontspanningsaal.
4) Woonstelblok.
5) Rondawels en ander Akkommodasietipes.
6) Karavaanpark.
7) Vulstasie.
8) Personeelwonings.
9) Watersuiweringsinstallasie en rioolplaas.
10) Buitekombuise.
11) Boothuise.
12) Werkswinkel.
13) 'n Wye verskeidenheid Ontspanningsfasiliteite soos 'n swembad, tennisbane, rolbalbane, jukskeibane, mini-gholfbane, wipmatte, gholfbaan en georganiseerde sportvelde.
14) Groepsakkommodasiegeriewe.

---

2) Onderhoud gevoer met Mnr. W. Krüger, Argitek, Departement Werke, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Mei 1979.

3) Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Provinsiale Administrasie, Departement Natuurbewaring, Jaarverslag, 1975/76.

4) Onderhoud, gevoer met Mnr. H.S. Smith, Direkteur van Openbare Oorde, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Julie 1979.

Die toegangskontrolepunte is effektief toegerus met twee kantore om die spitstoeloop te hanteer. Die Administratiewe gebou huisves ook 'n poskantoor wat 'n merkwaardige bydrae lewer tot die gerief en welsyn van die besoekers.

Die winkelkompleks is een van die belangrikste geboue op die terrein en die verskillende afdelings word deur die Provinsiale personeel self bedryf. Die kompleks bestaan uit die volgende onderafdelings:-

1. Winkel
2. Restourant
3. Snoepwinkel
4. Antikwiteitswinkeltjie

Die resourant bied heerlike etes (ala cartē, gewoon- en wegneemetes) op spesifieke tye aan. Volgens Mnr. Smith, Direkteur van Provinsiale Oorde, is daar heelwat persone wat Sondagmiddae vanaf omliggende dorpe na die Oord reis, hoofsaaklik om middagete in die resourant te nuttig.

Die verskeie fasiliteite in die winkelkompleks word uitstekend deur oordbesoekers ondersteun en dit dra by tot die winsgewende bedryf daarvan, veral gedurende spitstye.

Die akkomodasie van besoekers word op verskeie wyses behartig:-

a) Vir hoogwaardigheidsbekleërs is daar die luukse-eenheid met ameublement van hoogs-moderne ontwerp, lugreëling, 'n motorafdak en vleisbraaigeriewe. Spesiale aansoek moet deur die Direkteur van Provinsiale Oorde goedgekeur word en gewone vakansiegangers het derhalwe nie toegang hiertoe nie.

b) Die 27 luukse rondawels is baie gewild, veral gedurende spitstye, en die ruimheid daarvan tesame met die standaard toerusting soos lugreëling, eetgerei ens. dra by tot die aangenaamheid van verblyf daarin.

c) Semi-luukse rondawels en rondawels.

Hierdie tipe rondawels is gewoonlik gedurende die vakansieseisoen tenvolle beset. Die goedkoper tarief vir rondawels kompenseer daarvoor dat besoekers van groepsfasiliteite gebruik moet maak.

d) Die Gesinshuise voorsien in die akkommodasiebehoeftes van groepe soos toergroepe en families.

e) Woonstelle.

Die ou winkelgebou is omskep in 3 woonstelle, waarvan die toerusting ook goed in die behoeftes voldoen.

f) Karavaanpark.

Die karavaanpark, met genoegsame skaduryke bome en 3 moderne wasgerief-geboue, is uitstekend geleë met 'n goeie uitsig oor die dam. 129 Karavane kan gehuisves word.

### 3.2.3 ONTSPANNINGSGERIEWE BY DIE OORD

By die Willem Pretorius-Oord is daar geen tekort aan ontspanningsgeleenthede nie, veral nie ten opsigte van fisiese ontspanning en sport nie. Georganiseerde sport kan by die oord vrylik beoefen word. Die ontspanning hierby betrokke se waarde lê veral in die aktiwiteite waardeur die deelnemer heeltemal afgesluit word van sy daaglikse denke.

Die oor-aanbod van ontspanningsfasiliteite is moontlik die rede waarom sommige van die fasiliteite nie tot op volle potensiaal benut word nie en daar is ook 'n mate van verwaarlosing by sommige te bespeur.

Die swembad is die fasiliteit wat homself die beste daaraan toe is met betrekking tot die algemene benutting daarvan. Hierdie stelling word ook bewys deur die vraelysevaluering in hoofstuk 5.

Die oord bied meer aan die besoeker as slegs fisiese ontspanning. Die Wildtuin langs die oord is 'n baie sterk trekpleister. Die wild en die plantegroei vorm saam 'n rustigheid met 'n baie goeie uitwerking op die besoekers. Die wild laat 'n blywende indruk op die gemoedere van vele. Navrae het getoon dat 'n suksesvolle besoek aan die oord en wildtuin slegs beleef was indien daar met die rit deur die wildtuin baie verskillende soorte wild raakgeloop is.

Dit blyk dus dat met die besigtiging van wild daar beter aan 'n sekere ontspanningsbehoefte voldoen word.

Onder die geskiedkundige besienswaardighede in die nabyheid van die Willem Pretorius Wildtuin/Oord,is die gedenkteken langs die hoofpad ter herinnering aan die Sandrivierkonvensie.

### 3.2.4 BESOEKERSTALLE AAN DIE OORD

Tabel II toon die besoekerstalle oor die afgelope aantal jare aan. 5)

---

5) Onderhoud gevoer met Mnr. J. Kruger, Administratiewe Beheerbeampte, Departement van Openbare Oorde, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Augustus 1979.

57/.....

STATISTIEK VAN DIE AANTAL MOTORVOERTUIE EN BESOEKERS AAN DIE WILLEM PRETORIUS WILDTUID/OORD

| | 1971/72 | 1972/73 | 1973/74 | 1974/75 | 1975/76 | 1976/77 | 1977/78 | 1978/79 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| AANTAL VOERTUIE | | | | | | | | |
| 1. TOTAAL | 15988 | 23383 | 23746 | 24008 | 23766 | 23593 | 25047 | 22016 |
| 2. AFKOMSTIG VANAF:- | | | | | | | | |
| Oranje-Vrystaat | | | | | | 16629 | 18108 | 16309 |
| Kaapprovinsie | | | | | | 1441 | 1473 | 1358 |
| Natal | | | | | | 510 | 523 | 394 |
| Transvaal | | | | | | 4348 | 4645 | 3411 |
| Elders | | | | | | 331 | 298 | 444 |
| AANTAL BESOEKERS | 95053 | 85603 | 86626 | 90140 | 89657 | 89432 | 96168 | 83825 |

TABEL II

Die besoekerstalle toon geen definitiewe groeitendense nie. Die rede hiervoor kan moontlik gesoek word by die resessie van die middel-sewentigerjare en die stygende brandstofprys. Uit 'n ander oogpunt kan aangevoer word dat hierdie twee faktore egter juis 'n toename in besoekersgetalle by binnelandse ontspanningsoorde ten gevolg moet hê. Dit is egter so dat die Willem Pretorius Wildtuin/Oord gedurende die vakansieseisoen en oor naweke in die Lente, Somer en Herfs nie naastenby in die aanvraag kan voorsien nie.

Die gevolg hiervan is dat daar 'n toenemende gedeelte van die gemeenskap is wat, weens finansiële redes, nie meer met vakansie kan gaan nie, want dit is te duur om byvoorbeeld langs die Natalse kus te gaan vakansie hou, maar by die naderliggende oorde is toegang moeilik bekombaar. Die skrywers is oortuig dat die beperkte akkommodasiegeriewe die rede vir die relatief konstante tendens van besoekerstalle is.

Die tendens wat in die toekoms verwag kan word, is dat die besoekduur sal toeneem - dit wil sê, die Oord sal in 'n toenemende mate vir vakansiedoeleindes gebruik word en nie meer hoofsaaklik vir naweek- of daguitstappies nie. Hierdie tendens sal die situasie laat versleg en heelwaarskynlik is dit, onder andere, die rede vir die afname in die besoekerstalle vanaf 25047 voertuie gedurende 1977/78 tot 22016 voertuie gedurende 1978/79.

Indien daar op die aantal voertuie vanaf die verskillende provinsies wat die Oord besoek, gelet word, is dit interessant om te sien dat die aantal voertuie vanaf die ander provinsies redelik konstant bly. Voorgaande dui daarop dat die Willem Pretorius Wildtuin/Oord 'n gewilde halfwegstasie is.

59/.......

### 3.2.5 ALGEMEEN

Die kern van die oord, naamlik die restourantkompleks, administratiewe gebou, ontspanningsaal en ander fasiliteite is op die rif, wat 'n landengte naby die damwal vorm, geleë. Verdere uitbreiding van die kern kan derhalwe nie konsentries plaasvind nie en derhalwe sal 'n lintvormontwikkeling genoodsaak word. Hierdie is 'n onwenslike sameloop van omstandighede, want die loopafstand tussen die kern en sommige van die fasiliteite sal te groot word.

Oorweging behoort dus aan die ontwikkeling van 'n satellietkern geskenk te word.

Op hierdie stadium is die Willem Pretorius Wildtuin/Oord die vernaamste ontspanningsbron in die Oranje-Vrystaat. Uitbreiding aan hierdie oord is noodsaaklik, maar die beoogde ontwikkeling van die Soetdoringoord, wat beslis 'n invloed op die besoekerspatrone by die Willem Pretorius Oord sal hê, moet in gedagte gehou word.

## 3.3. DIE HENDRIK VERWOERDDAM-OORD

Die Hendrik Verwoerddam met sy indrukwekkende wateroppervlakte, indrukwekkende wal, pragtig-omliggende koppies met mooi uitkykpunte en stelsel van tonnels en kanale is een van die Oranje-Vrystaat se ontspanningsbronne met die grootste potensiaal.

Die oprigting van die damwal is voorafgegaan deur die aanleg van verskeie selfonderhoudende dorpies net na 1965 om die gesinne van werkers te huisves. Alle gewone noodsaaklike dienste soos skole, kerke, sportgeriewe, elektriese krag ens. moes voorsien word.

Die Hendrik Verwoerddam is in 1972 amptelik geopen en heel toevallig het die water al tydens hierdie geleentheid oor die wal gestroom.

## 3,3.1 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID

Die Hendrik Verwoerddam is net langs N1 Nasionale pad tussen Johannesburg en Kaapstad geleë en is ongeveer 200km suid van Bloemfontein. Norvalspont (12km), Bethulie (40km), Venterstad (40km) en Colesberg (56km), is die naaste dorpe aan die dam.

Die oord is baie toeganklik veral as gevolg van sy ligging langs die Nasionale pad en gekombineerd hiermee, die uitstekende padnetwerk wat vir die konstruksie van die damwal aangebring is. Dit is baie maklik vir die reisiger om, slegs vir verkwikking, van die Nasionale pad af te wyk en die roete oor die damwal te volg.

Die dam is egter nie binne die nabye omgewing van enige bevolkinskonsentrasiepunte geleë nie, en het dus geen werklike bedieningsgebied nie.

## 3.3.2 FASILITEITE

Met die voltooiing van die werk is die aanlegdorp, Oranjekrag, teen die berghang naby Norvalspont, aan die Departement Openbare Oorde van die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat oorgedra.

Die grond om die dam, wat binne die maksimum-waterhoogtemerk val, is nog steeds die eiendom van die Departement van Waterwese. Die res van die grond wat wel onteien is, maar wat nie onder die waterlyn val nie, is oorgeneem deur die Afdeling Natuurbewaring van die Provinsiale Administrasie.

61/.........

Die Afdeling Openbare Oorde het, na 1972, sommige geboue van Oranjekrag benut vir toeriste- en ontspanningsdoeleindes. Dit het egter met verloop van tyd geblyk dat die huise in Oranjekrag nie baie lewensvatbaar vir toerisme en naweekbesoekers was nie.

Die engiste rede wat hiervoor ingesien kan word, is dat mense, wat die dam besoek met die doel om te ontspan, nie graag so ver van die water af wil bly nie. Dit is inderdaad ook 'n kenmerk van die strandhuise. Huise aan die strand is baie gewilder as dié wat 'n bietjie verder weg geleë is.

Ondertussen het die Afdeling Openbare Oorde 'n begin gemaak met 'n volwaardige ontspanningsoord naby aan die maksimum waterhoogtemerk. Verskeie pragtige, luukse vakansie huise is alreeds voltooi en rondawels gaan nog gebou word.

Verskeie fasiliteite wat in die dorpie Oranjekrag geleë is, word as deel van die Oord benut:-

a) <u>SUPERMARK</u>

Die Supermark waarby besoekers alle benodigdhede, van kruideniersware tot hengelgerei, te koop kan kry, word deur die Afdeling Openbare Oorde beheer en bedryf.

b) <u>RESTOURANT</u>

Die Restourant, wat goeie etes voorberei, word ook deur die Afdeling Openbare Oorde bedryf.

62/........

c) MOTEL

Die Motel word deur 'n privaat huurder bedryf.

d) ANDER DIENSTE

Daar is 'n bank, 'n slaghuis en 'n vulstasie. Die padkafee langs die vulstasie is vir die afgelope paar jaar al gesluit.

e) Die Administratiewe kompleks, waar besprekings vir akkommodasie en ander Administratiewe sake gedoen word, is in Oranjekrag geleë.

f) 30 Gemeubileerde huise, wat voorheen die werkers gehuisves het, word tans gebruik as vakansiehuise en die eertydse Enkelkwartiere is nou ingerig om groepe besoekers soos bv. skoolkinders, te huisves.

g) Twee karavaanparke maak ook ruimskoots voorsiening vir kampeerders.

### 3.2.3 GESKIEDKUNDIGE AANTREKLIKHEID

Die Hendrik Verwoerddam-Oord is geleë in 'n gebied vol geskiedkundige gebeurtenisse en dit dra by tot die waarde van die oord as ontspanningsaantreklikheid.

In die nabye omgewing van die damwal, aan die Kaapprovinsie kant, is 'n hervestigde Kerkhof van afgestorwenes uit die konsentrasiekamp wat ook tydens die Anglo-boere-oorlog in daardie omgewing geleë was.

63/.......

Die ou brug oor die Oranjerivier, net stroomaf van die damwal, wat tans nog in gebruik is, is tydens die Angloboere-oorlog deur die Boeremagte gesaboteer en een van die middel pilare en twee brugspanne moes herbou word.

3.3.4 ALGEMEEN

Die Hendrik Verwoerddam Oord is tans nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling en as sulks is sekere tegniese inligting aangaande besoekerstalle, ens., nie beskikbaar nie.

Met die voorneme van die verdere aanbouing van bykomende rondawels, egter, word verwag dat die Oord 'n beter aftrek sal kry, aangesien die ligging daarvan naas die Nasionale hoofweg tussen Johannesburg en Kaapstad is.

'n Poging kan hier aangewend word om moontlik die toeris-besoeker te trek om ook vir 'n kort tydjie die Oord te besoek.

In die algemeen bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat hierdie Oord kan ontwikkel tot een van die groot Oorde in die land.

3.4 DIE JIM FOUCHé-OORD

Die Jim Fouché-Oord is gestig in 1958 en vernoem na die destydse Administrateur van die Oranje-Vrystaat.

Die grond het, voor die stigting van die Oord , aan die Departement van Bosbou behoort. Dit is egter later, op aandrang van die Administrateur, afgestaan aan die Afdeling Openbare Oorde van die Provinsiale Administrasie.

### 3.4.1 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID

Die oord is per pad bereikbaar vanaf Heilbron, Villiers en Frankfort oor Oranjeville sowel as oor Deneysville uit die Viljoensdrift rigting. 'n Vliegveld bied verdere toeganklikheid aan die Oord.

Alhoewel hierdie Oord redelik gunstig geleë is vir die besoeke van die Vrystaatkant, is daar in werklikheid baie min Vrystaters wat wél die Oord besoek. Transvalers vorm die oorgrote meerderheid van besoekers aan die oord.

### 3.4.2 FASILITEITE

Fasiliteite by die Jim Fouché Oord bestaan kortliks uit die volgende:-

1) 'n winkelkompleks,
2) kantoorkompleks,
3) ontspanningsaal,
4) akkommodasiegeriewe,
5) karavaanpark,
6) vulstasie,
7) kaaifasiliteite,
8) perdrygeriewe en
9) piekniekgeriewe

Op hierdie stadium voldoen die bestaande fasiliteite gedurende spitstye nie aan die behoefte nie en regdeur die somermaande is daar bykans volle besetting met betrekking tot die akkommodasiegeriewe.

Die winkel kry gedurende hierdie tye ook groot aftrek en word as redelik suksesvol beskou.

Alle administratiewe pligte word gedoen in die kantoorkompleks en indien geregverdig, kan uitbereiding in dieselfde kompleks geskied sonder enige verbouing.

Die verblyfplekke bestaan uit 34 rondawels met goeie geriewe, 'n half-luukse rondawel met, onder andere lugreëling, sowel as tien luukse rondawels vir die meer kieskeurige besoeker.

Die woonwapark bied staanplek aan ongeveer 550 woonwaens en alle basiese geriewe is aangelê. Volgens Mnr. Kruger van die Provinsiale Administrasie was daar op die 8 ste Desember 1968 'n totaal van 803 karavane by die oord, en hierdie syfer bly steeds 'n rekord. 6) Interessant egter, is die feit dat daar geen voor-die handliggende verklaring hiervoor is nie!

Bootsport word hier intensief beoefen en geriewe blyk voldoende te wees.

### 3.4.3 ONTSPANNINGSGERIEWE BY DIE OORD

Onder die sosiale ontspanningsfasiliteite by die Oord is die ontspanningsaal die belangrikste. Funksies soos danse, etes en filmvertonings word gereeld aangebied en goed ondersteun.

Hengel is een van die belangrikste natuurgerigte ontspanningsgebruike by hierdie oord. "Geriewe" in hierdie sin kan slegs daaruit bestaan dat genoegsame hengelplek beskikbaar is. Dit is die geval, en indien algemene vang-

---

6) Onderhoud gevoer met Mnr. J. Kruger, Administratiewe Beheerbeampte, Departement van Openbare Oorde, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Augustus 1979.

ste geneem kon word as 'n aanduiding van die geslaagdheid van die "fasiliteit", is die "fasiliteit" baie suksesvol, aangesien hierdie oord wêreldwye erkenning geniet as 'n hengelparadys.

Oor die algemeen beskou, is daar genoegsame ontspanningsfasiliteite by die Jim Fouché Oord.

### 3.4.4 BESOEKERSTALLE AAN DIE OORD

Volgens Mnr. Kruger is slegs ongeveer 10% van die besoekers aan die Oord afkomstig vanuit die Vrystaat. Die res kom vanaf die Transvaal, hoofsaaklik vanaf die Witwatersrand.

Tabel 3.1 toon die gemiddelde besoekerstalle vanaf Maart 1976 tot 28 Februarie 1979. 7)

| | 1976/77 | 1977/78 | 1978/79 |
|---|---|---|---|
| Aantal besoekers | 47978 | 54208 | 41931 |
| Aantal voertuie | 11974 | 13114 | 11552 |

TABEL 3.1

Besoekerstalle vir die boekjaar 1977/78 toon 'n toename van 6230 besoekers ten opsigte van die boekjaar 1976/77, maar 'n afname van 12277 persone in die volgendê jaar.

Die redes hiervoor is soos reeds bespreek onder paragraaf 3.2.4

---

7) Ibid.

### 3.4.5 ALGEMEEN

Volgens Mnr. Smit word die Oord baie druk besoek gedurende vakansietye, met die periode Desember tot Januarie as die spitsbesoektyd. Honderde aansoeke word gedurende hierdie tyd weggewys en vanweë hierdie feit word daar tans gewerk aan voorstelle tot uitbereiding en verbetering. 8)

Die waarde van die Jim Fouché Oord ten opsigte van die Oranje-Vrystaat lê oënskynlik daarin dat dit 'n goeie "uitvoer produk" is vanweë die feit dat 90% van die besoekers van 'n ander provinsie kom. Die geld wat bestee word kan dus in effek beskou word as "vreemde" valuta wat baie voordelig vir die Oranje-Vrystaat in geheel behoort te wees. Feit is egter dat hierdie Oord deur meerendeels Transvalers besoek word, en as sulks nie van veel nut vir die Vrystaatse Provinsiale Administrasie is nie wat die bedryf daarvan moet behartig.

Die oord kan, as gevolg van die gemeenskapsdiens-geöriënteerdheid, nie winsgewend bedryf word nie. Die verlies word dus deur die Oranje-Vrystaat gedra en uit die oogpunt van die Vrystater het hierdie oord dus geen bestaansreg nie.

Indien hierdie oord egter op 'n winsgewende grondslag geplaas kan word, sal die voordeel van die "vreemde" geld moontlik die voornoemde nadeel kan uitskakel.

Die skrywers is van mening dat die algemene welsyn van die Oranje-Vrystaatse bevolking nie bevoordeel word deur

---

8) Smith, H.S., Op. cit.

die geval soos bo genoem nie -'n voorstel tot verbetering van die toestand by hierdie oord is dat, byvoorbeeld, die besoekersgelde (hekgelde, akkommodasietariewe, ens.) oordeelkundig verhoog word totdat 'n sekere wins gerealiseer kan word.

# HOOFSTUK IV

# DIE NATUURRESERVATE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

## 4.1 INLEIDING


Die Oranje-Vrystaat beskik oor dertien natuurreservate wat goedverspreid oor die hele provinsie voorkom. Die natuurreservate word beheer deur die Provinsiale Administrasie se Afdeling Natuurbewaring. Elf van die dertien reservate word, of is, ontwikkel om publieke toegang te verleen. Dit is dus duidelik dat hierdie reservate 'n baie belangrike rol vervul as natuurlike ontspanningshulbronne in die bevrediging van die ontspanningsbehoeftes van die Vrystaters. Om hierdie rede word dit as gepas beskou om die natuurreservate kortliks te bespreek.

## 4.2 DIE AFDELING NATUURBEWARING

Kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (No 32 van 1961) en die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976 (No 65 van 1976) mag die Provinsiale Administasie natuurbewaring toepas teneinde ongediertes uit te roei, plante en diere te beskerm en die vestiging daarvan te bevorder.

Daar is by die Provinsiale Administrasie dus 'n Afdeling Natuurbewaring met 'n Direkteur aan die hoof om na hierdie taak om te sien.

## 4.3 HIëRARGIE VAN DIE AFDELING NATUURBEWARING




## 4.4. FUNKSIES VAN DIE AFDELING NATUURBEWARING

Die oogmerke van die Afdeling Natuurbewaring is om die natuurbates van die Oranje-Vrystaat te behou, te benut en uit te bou op so 'n wyse dat dit tot voordeel van die gemeenskap op die estetiese, die opvoedkundige, die wetenskaplike en die kulturele gebied kan strek.

Die funksies is derhalwe as volg:-

1) Unieke natuurgebiede word afgebaken en behou, beskerm en uitgebou.

2) Die afgebakende gebied of reservaat word op 'n gepaste wyse bestuur sodat die natuurlike dierelewe en plantegroei herstel of hervestig kan word.

3) Navorsing word gedoen ten einde op Wetenskaplike gebied inligting te bekom.

4) Inligting en voorligting word beskikbaar gestel,

veral aan skole, teneinde die gemeenskap op te voed ten gunste van natuurbewaring.

Verskeie patrollies, hokinspeksies en voorstaandienste word deur die Afdeling Natuurbewaring uitgevoer om onwettige hengel, jag en plantdiefstalle te voorkom. Die Afdeling het ondervind dat met die nodige voorligting,oortredings van hierdie aard asook veldbrande, verminder is. 1)

Die strewe van die Afdeling Natuurbewaring is om in elke unieke plantegroeistreek in die Provinsie 'n reservaat te beheer en hierin is tot 'n groot mate alreeds geslaag. Volgens Department Natuurbewaring is daar 17 onderskeibare veld-en plantegroeitipes in die Oranje-Vrystaat waarvan sommige oorgangstreke van een soort na die ander is. Die 13 reeds-geproklameerde natuurreservate is dus baie bevredigend.

Die primêre taak van die afdeling is nie om die reservate as ontspanningsaantreklikhede te ontwikkel nie. Hoewel sekere basiese fasiliteite soos die voorsiening van water en toilette deur die Afdeling onderneem kan word, mag akkommodasie, winkel-of kafeegeriewe nie deur hierdie afdeling voorsien word nie. Sodra sulke geriewe voorsien moet word, word dit die taak van die Afdeling Openbare Oorde. 2)

Die natuurreservate het deurgaans 'n groot aantrekkingskrag vir besoekers en daarom is al die Provinsiale Ontspanningsoorde dan ook by of naby natuurreservate geleë. Hierdie natuurreservate by die Oorde lewer verskeie bykomstige ontspanningsaktiwiteite waaraan besoek-

---

1) Oranje-Vrystaat, Provinsiale Administrasie, Afdeling Natuurbewaring, Jaarverslag 1975-1976.

2) Onderhoud gevoer met Mnr. P. Le Roux, Direkteur, Departement Natuurbewaring, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Julie 1979.

72/......

ers kan deelneem.

In 'n spesiale kwekery word duisende inheemse bome, struike en saailinge gekweek wat dan aan skole en ander openbare instansies beskikbaar gestel word ōf die bome word gebruik om die Vrystaatse paaie te versier met skaduryke stilhouplekke. Die afdeling beskik oor 'n spesiale wildvangspan om Blesbokke, Springbokke en ander inheemse wild, wat in die reservate voorkom, te vang, en aan veral Vrystaatse boere te verkoop vir vestiging op hul plase. Dit is derhalwe ooglopend dat die omgewing nie net bewaar en beskerm word nie, maar dat dit ook uitgebou word.

Vervolgens word 'n kort bespreking aangaande elke Natuurreservaat gevoer.

## 4.5 DIE NATUURRESERVATE

### 4.5.1 GEMEENSKAPLIKE INLIGTING

| NAAM | WATEROPPERVLAK-<br>TE VAN DAM (ha)<br>3) | OPPERVLAKTE<br>AANLIGGENDE<br>STAATSGROND 3)<br>(ha) | LIGGING | STATUS 4) | VELDTIPES |
|---|---|---|---|---|---|
| Erfnisdam<br>Natuurreservaat | 3308 | 343 | Tussen Brand-<br>fort, Theunis-<br>sen en Winburg<br>in die Vetri-<br>vier. | Ongeproklameerd<br>sedert Junie<br>1978<br>Oop vir pu-<br>bliek. | Droë<br>Cymbopogan<br>Themeda veld. |
| Hendrik Verwoerd-<br>dam | 36488 | 23525 | Tussen Bethu-<br>lie en Norvals-<br>pont aan die<br>Vrystaatse<br>oewer van die<br>Oranjerivier. | Reeds geprokla-<br>meer, toegank-<br>lik vir henge-<br>laars. | Skyn-Hoër<br>Karoo. |
| Kalkfontein-dam | 5101 | 162 | In die Rietri-<br>vier naby<br>Fauresmith, Ja-<br>gersfontein en<br>Koffiefontein. | Word binnekort<br>geproklameer<br>Reeds sedert<br>April 1978 toe-<br>ganklik vir<br>publiek. | Skyn-Hoër<br>Karoo. |
| Koppiesdam | 1360 | 4325 | 12Km oos van<br>Koppies. | Geproklameer<br>Maart 1976<br>Beplanning<br>t.o.v. toe-<br>ganklikheid<br>gefinaliseer. | Oorgangs en<br>droë Cymbopogon<br>Themeda veld. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Krugersdriftdam (Soetdoring) | 1852 | 4290 | 40Km Noordwes van Bloemfontein langs die Soutpanpad. | Geproklameer Mei 1978 Oopgestel vir publiek Maart 1977. | Droë Cymbopogon Themeda veld. |
| Memel-vleie (Seekoeivlei-Natuurreservaat) | geen dam | 350 | In die Kliprivier naby Memel. | Geproklameer Februarie 1978 Geen publieke toegang. | Oorgang tussen Themeda veld en Hoëland suurveld |
| Rustfonteindam | 1177 | 1965 | 45Km oos van Bloemfontein in die Modderrivier. | Geproklameer Toeganklik vir publiek | Droë Cymbopogon Themeda veld. |
| Sandveld-Natuurreservaat | 25000 | 6500 | Aan die Suidelike oewer van die Bloemhofdam in die Vaalrivier. | Nog ongeproklameerd en ontoeganklik. | Kalaharie-doringveld. |
| Sterkfonteindam | 4800 eerste fase 6800 tweede fase | 1385 | Tussen Harrimith en Qua Qua | Geen finaliteit | Hoë landsuurveld. |
| Tussen-die-Riviere | geen dam | 22000 | Naby Bethulie tussen die Caledon- en Oranjerivier. | Geproklameerd sedert Oktober 1978 Opgestel vir die algemene publiek(slegs gedurende somermaande.) | Skyn Hoër Karoo |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Welbedachtdam | 1890 | 1000 | 30Km suidwes van Wepener | Nog ongeproklameer | Droë Cymbopogon Themeda veld. |
| Willem Pretorius Wildtuin | 2771 | 8278 | Tussen Winburg Ventersburg en Senekal langs die Sandrivier. | Geproklameerd Lankal reeds oopgestel vir die publiek. | Oorgangs Cymbopogon Themeda veld |
| Wurasdam | 94 | 262 | Naby Edenburg in die Rietrivier. | Geproklameer Januarie 1977 | Skyn-Hoër Karoo |

4) Onderhoud gevoer met Mnr. P. Hugo, Administratiewe Beheerbeampte, Departement Natuurbewaring, Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, September 1979.

3) Jaarverslag 1975-1976, Op. cit.

TABEL 4.1

### 4.5.2 DIE NATUURRESERVATE AFSONDERLIK

#### 4.5.2.a DIE ERFENISDAM-NATUURRESERVAAT

Hierdie reservaat is gunstig geleë ten opsigte van Bloemfontein en die Vrystaatse Goudveld as bedieningsgebiede. Die reservaat is sedert Junie 1978 oopgestel vir openbare besoekers en die besoekersgetal vanaf hierdie datum tot Desember 1978 was 740 voertuie en 2409 mense. 5)
Die gebied langs die water is ontwikkel met die oog op bootsport, hengel en piekniek en die wildkamp is toeganklik vir die besigtiging van die wild.

#### 4.5.2.b DIE HENDRIK VERWOERDDAM-NATUURRESERVAAT

Hierdie natuurreservaat is geleë meerendeels in 'n smal strook aan die Vrystaatse oewer van die Verwoerddam. Die gedeelte naby die wal is egter nie so smal nie en is ook geleë langs die pad. Toegang tot hierdie gedeelte is dus moontlik sonder om op die gronde van private eienaars te oortree. Om hierdie rede sal slegs hierdie gedeelte vir motorvoertuie oopgestel word. Die res van die reservaat word slegs vir wild-weiding uitgehou en daar word beoog om 'n voetslaanpad langs die oewer van die dam oop te stel. Hierdie voorneme word as 'n puik gedagte beskou, aangesien die terrein uit pragtige koppies al langs die waterfront bestaan. 'n Voetslaanpad sal die natuurliefhebber instaat stel om vanaf die damwal te kan stap tot bykans by Bethulie. Daar is alreeds heelwat Springbokke gevestig wat besigtig sal kan word.

---

5) Hugo, P., Op. cit.

Die gebied wat vir motorvoertuie oopgestel gaan word, word tans omhein met 'n 2,5 m omheining en na verwagting sal die werk teen 1980 voltooi wees. 6)

Net onderkant die damwal word daar tans broei- en voerdammetjies gebou en 'n vistelery vir hoofsaaklik geelvis en karp gaan hier gevestig word.

Hierdie reservaat se groot nadeel is die afgeleënheid daarvan, maar sy aantrekkingskrag ten opsigte van hengel en bootsport behoort tot 'n mate hiervoor te vergoed.

4.5.2.c <u>DIE KALKFONTEINDAM</u>

Hierdie reservaat is geleë in 'n stil deel van die Vrystaat en is sedert Februarie 1978 vir besoekers oopgestel. Grafiek 4.1 toon die maandelikse besoekers aan. Die totale aantal besoekers vir 1978 sedert Februarie, was 1321 voertuie en 3705 besoekers. 7) Die dam se ontspanningswaarde lê ook in hengel en bootsport. Hier is hengelgeleenthede vir anderskleuriges ook.


4.5.2.d <u>KOPPIESDAM</u>

Die beplanning van hierdie reservaat is voltooi en voorstelle is gedoen vir die aanbring van gewone hengelgeleenthede vir alle bevolkingsgroepe, bespreekbare hengel- en piekniek-plekke vir blankes en ook 'n terrein waar hengelkompetisies gehou kan word. 8) Die bespreekbare

---

6) Jaarverslag 1975-1976, <u>Op. cit</u>.
7) Hugo, P., <u>Op. cit</u>.
8) <u>Ibid</u>.

GRAFIEK VAN DIE MAANDELIKSE BESOEKE BY DIE KALKFONTEIN-DAM SEDERT DIE OOPSTELLING GEDURENDE FEBRUARIE 1978



hengelplekke is 'n baie goeie idee, want elke standplaas, wat geskik is vir gesinsontspanning, is toegerus as 'n piekniekplek met 'n braaivleisgerief. Dit is redelik privaat en terwyl pa en die seuns visvang kan ma en dogters lees of in die son baai.

4.5.2.e <u>DIE NATUURRESERVAAT BY DIE KRUGERSDRIFTDAM, OOK BEKEND AS SOETDORING</u>

Die reservaat is naby Bloemfontein geleë (32km), en het sedert sy oopstelling in Maart 1977 ontwikkel tot 'n gewilde hengeloord. Daar is tans 14 bespreekbare hengelplekke waarvan 4 vir Kleurlinge en Swartes is. Die besoekersgetalle aan die reservaat vanaf Maart 1977 tot Desember 1978 word op Grafiek 4.2 aangetoon. 9)

Daar word beoog om in die wildkamp verskeie kampies vir roofdiere aan te bring en die eerste een,'n leeupark,sal moontlik gedurende 1980 voltooi wees. Hoewel besoekers nie hul motors sal mag verlaat nie, sal hul tog in die wildkamp binnegelaat word.

4.5.2.f <u>DIE MEMELVLEIE OF DIE SEEKOEIVLEI-NATUURRESERVAAT</u>

Hierdie gebied gaan nie vir die publiek oopgestel word nie aangesien dit as 'n broeiplek vir voëls bewaar word.

4.5.2.g <u>DIE RUSTFONTEINDAM</u>


Die wateroppervlakte word by uitstek benut deur seiljag-en kragbootentoesiate.

---

9) <u>Ibid.</u>

GRAFIEK 4.2

BESOEKE AAN DIE NATUURRESERVAAT BY DIE KRUGERSDRIFTDAM.



Op die huidige oomblik word tenders ingewag vir die oprigting van 12 kragbootskuilings wat elk ongeveer 6 kragbote sal kan berg en die noodsaaklikste was- en eetgeriewe insluit.

Verder word die aanbou van 2 seiljagvaartskuilings ook onder die kontrak ingesluit. Die terrein waarop hierdie geriewe aangebring word, word op die aangehegte plan aangebring. Aangesien die projek heelwat terreinwerk insluit, is die verwagte koste ongeveer R0,5 miljoen. Vanweë die feit dat seiljagvaart- en kragbootgeesdriftiges teenstrydige aktiwiteite beoefen, word die seiljagvaartgeriewe by die bestaande klubhuis op die westelike oewer van die dam behou terwyl die kragbootgeriewe op die oostelike oewer gevestig gaan word. 'n Klubhuis vir laasgenoemde word op 'n latere stadium in die vooruitsig gestel.

Bespreekbare hengelplekke vir alle bevolkingsgroepe word by die dam in die vooruitsig gestel, maar die suidelike bo-oewer word vir kompetisiehengel voorbehou. 10)

4.5.2.h DIE SANDVELD-NATUURRESERVAAT

Die waarde van die reservaat lê daarin dat dit in die enigste egte Kalahari-doringveld van die Vrystaat geleë is. Tans word die reservaat omhein met die oog op die vestiging van diere wat eie aan die gebied is.

4.5.2.i DIE STERKFONTEINDAM

As gevolg van onduidelikhede, so byvoorbeeld die konsolidasie of uitbreiding van Qwa-Qwa, is afbakening en ont-

---

10) Ibid.

wikkeling van hierdie reservaat nog hangende. 11)

4.5.2.j DIE WILDPLAAS "TUSSEN-DIE-RIVIERE"

Die wildplaas is tans oop vir publieke besoek, maar slegs gedurende die maande September tot April. Vir die Wintermaande word die wildplaas voorbehou vir beheerde, openbare jag.

Vanaf Oktober tot Desember 1978 was die besoeke 117 voertuie en 620 mense. 11)

4.5.2.k DIE WELBEDACHTDAM

Die reservaat is nog nie ontwikkel nie, maar voorsiening vir die gewone buitelugontspanningsaktiwiteite word beoog.

4.5.2.l DIE WILLEM PRETORIUS WILDTUIN

Besoekersyfers, weerspieël in grafiek 4.3 toon dat hierdie reservaat baie gewild is. Gedurende die afgelope paar jaar was daar egter 'n afname in getalle wat heelwaarskynlik aan die brandstofpryse en -beperkings toegeskryf kan word.

4.5.2.m WURASDAM

Hierdie dam,wat in onbruik geraak het met die verdwyning van stoomlokomotiewe, is deur die Provinsiale Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie oorgeneem en 'n visnavorsingstasie is hier gevestig. Die

---

11) Ibid.

Afdeling Natuurbewaring is nie van voorneme om hierdie gebied aan die publiek toeganklik te maak nie. 12)

Die voorgaande is beskryf slegs om aan te toon dat die Oranje-Vrystaat goed bedeeld is met natuurreservate. Volgens Mnr. P. Le Roux, Direkteur van Natuurbewaring, heers daar groot tevredenheid ten opsigte van die bewaring van sekere veldsoorte. 13)

Vir die natuurliefhebber bestaan daar dus gulde geleentheid om na hartelus die omgewing van sy smaak te besoek.

---

12) _Ibid._

13) Le Roux, P., _Op. cit._

## HOOFSTUK V

## FAKTORE EN RIGLYNE VAN BELANG BY OORDBEPLANNING

### 5.1 INLEIDING

Goeie beplanning speel 'n positiewe rol by die bevordering van ontspanning as geheel in 'n provinsie. As basis hiervan is die ideaal om 'n stelsel van ruimtelik-goedverspreide ontspanningsoorde te hê. Opsigself moet elke oord gevolglik ontwikkel wees om maksimale welsyn ten opsigte van ontspanningsbehoeftes by die gebruikers te bevredig.

Doelwitte speel 'n belangrike rol, maar aangesien doelwitte met tyd kan verander is die voorgestelde oplossings nooit rigied nie en om hierdie rede moet die beplanningsproses deurentyd aangepas word.

> *"What we have done in the past and where we stand at the present are both less important than the direction in which we shall head in the future."* 1)

Die toekoms is dus van die grootste belang by die beplanning en bestaan van die provinsiale ontspanningsoorde. Die Owerhede moet gevolglik besef dat metodes van beplanning en beheer, wat in die verlede toegepas is, nie noodwendig vir die toekoms geskik sal wees nie.

> *"Die beplanningsproses kan nooit ophou nie. Daar moet 'n gedurige herevaluering van doelwitte plaasvind in die lig van veranderde omstandighede, ....."* 2)

---

1) Jensen, C.R., Outdoor Recreation in America, p. 269.

2) Oranje-Vrystaat, (Provinsie), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Verhandeling: Die Beplanning van Nasionale Parke as Rasionele en Doelwitverwesenlikende Aktiwiteit, p. 66.

Daar bestaan tans geen voor-dië-handliggende riglyne en metodes aangaande die beplanning van Oorde nie. Daar moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen "beplanning" en "ontwerp" en "uitlê" van enige fisiese ontwikkeling. Die skrywers gaan in hierdie hoofstuk poog om etlike sinvolle riglyne daar te stel(waardeur egter nie aanspraak gemaak word dat dië riglyne die enigste is nie.)

## 5.2 BENADERING

Dit is bekend dat die meeste vrye tyd in en om die huis bestee word en dat die weg-van-die-huis aktiwiteite hoofsaaklik binne die woongebied beoefen word.

> *"But it is also true that leisure time is increasingly being used in a space extensive way; that there is more participation and less passivity. Yet although leisure and recreation are fashionable topics for discussion ...... we know surprisingly little about behaviour in detail or how it might change in the future."* 3)

Die bestaan van sekere ontspanningspatrone is die gevolg van 'n dinamiese verhouding tussen die volgende faktore:-

a) BESTAANDE ONTSPANNINGSFASILITEITE

Hieronder resorteer die gehalte van die fasiliteit, die afstand tussen die fasiliteit en bedieningsgebied, digtheidsverspreiding van soortgelyke fasiliteite in ruimtelike sin.

---

3) Davidson, J. en Wibberley, G., Planning and the Rural Environment, p. 46.

b) 'n GEDIFFERENSIEëRDE BEWUSTHEID VAN BESTAANDE FASILITEITE

Hier speel reklame en advertensie 'n groot rol en een van die belangrikste faktore wat tot voornoemde kan bydra is deur die lewering van puik gehalte diens en goed ingerigte fasiliteite.

c) DIE VRYETYDSDUUR WAT MENSE TOT HUL BESKIKKING HET

Vanweë meer beskikbare vrye tyd word verder-afgeleë oorde byvoorbeeld meer oor naweke as gedurende die week besoek.

d) BESKIKBARE GELD GESIEN UIT DIE VERBRUIKER SE OOGPUNT

e) WAARDE-SISTEEM VAN DIE VOORSIENERS

f) DIE WAARDESISTEME VAN DIE VERBRUIKERS

As gedink word aan die betekenis van die woord "oordbeplanning" ontstaan daar meteens 'n hele aantal vrae hieromtrent ....... Vrae soos "vir wie" die beplanning gedoen word, "wat" en "hoe" die beplanning en uitvoering gaan geskied. Hierdie drie vrae is nie net van belang by beplanning nie, die hele lewe is inderdaad daarop gebaseer.

Indien daar nou stapsgewys gekyk word na die verskillende vrae, moet steeds in gedagte gehou word dat die resultaat uiteindelik tot 'n fisiese "skepping" kan lei en dat die geslaagdheid van so 'n skepping nie slegs in ekonomiese terme gemeet kan word nie.

5.2.1 VIR WIE?

Hierdie vraag word,vir die doel van hierdie werkstuk,beantwoord deur die feit dat daar in die Oranje-Vrystaat op Provinsiale vlak voorsiening gemaak word vir die daarstelling van oorde. Nadat sekere aanbevelings gedoen is, vind die besluitnemingsproses basies op Provinsiale Raadsvlak plaas. Uitvoering word vervolgens verleen aan die besluite deur verskeie medewerkende departemente tot die daarstelling van 'n ontspanningsbron. In baie gevalle kan 'n besluit polities van aard wees.

In die algemeen word egter geglo dat alle besluite geneem word in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en wêl op so 'n wyse dat die algemene welsyn van die gemeenskap hoogste prioriteit geniet. By die daarstelling van ontspanningsbronne word 'n gemeenskapsdiens gelewer en speel die winsmotief derhalwe nie die oorwegende rol nie.

Om effektief te werk, die gemeenskap goed te dien en goeie aftrek te kry, moet 'n ontspanningshulpbron ontwikkel word op 'n wyse wat gegrond is op deeglike kennis en begrip van die gebruikers se behoeftes, optrede en houding ten opsigte van ontspanning en vryetydsbesteding. Die gebruiker se karaktereienskappe en die kenmerke en potensiaal van die ontspanningsbron moet met mekaar in verband gebring word.

Die faktore wat deelnametempo's beinvloed moet uitgeken en nagevors word. Dit is nie net van belang om gebruikers se benutting en hul tevredenheid met sekere ontspanningsaktiwiteite te bepaal nie. Beplanners moet ook weet wat die gebruiker se waarde-sisteem ten opsigte

86/......

van die hele ontspanningsoord behoort te wees. Intelligente besluite insake prioriteite en aanlegfases van ontwikkeling kan dan geneem word.

Die volgende vrae is relevant:-

1) Is die verskillende ontspanningstipes by sommige mense hoër aangeskrewe as by ander - veral ten opsigte van die ontspanningsklassifikasie, brongeörienteerde- en aktiwiteitsgeörienteerde ontspanning en die onderskeibare groepe in die gemeenskap soos ouderdomsgroepe, inkomstegroepe ens?

2) Is ontspanningsaktiwiteite by persone wat gereeld aan 'n sekere ontspanningsaktiwiteit deelneem, van hoër waarde as by ander persone?

3) Word algeheel hoër aangeskrewe ontspanningsfasiliteite met 'n hoër graad van genoegdoening vereenselwig as ander ontspanningsfasiliteite?

4) Watter doelwiteienskap van 'n ontspanningsbron word die beste geassosieer met algeheel-hoër aangeskrewe ontspanningsfasiliteite?

Met behulp van vraelyste en onderhoude in 'n verteenwoordigende steekproef onder die inwoners van die bedieningsgebied kan tipes aktiwiteite en aktiwiteitsvoorkeure bepaal word en met behulp hiervan kan die potensiële aanvraag vir sekere fasiliteite geraam word. Op so 'n wyse kan 'n baie deeglike kennis van die gebruiker opgebou word. Met 'n vraelys of onderhoude kan inligting ten opsigte van daardie aspekte van die ontspanningsisteem, wat die sterkste met die gebruikers se algehele waardesisteem van die ontspanningsfasiliteite geassosieer word,

verkry word.

Tydregulering en die groepering van vrye tyd deur tegnologiese-, handels- en industriële praktyke, veral met die oog op die toekoms, is ook van belang. Die tydsduur van die gebruiker se vrye tyd bepaal waar en op watter wyse dit bestee word. Deesdae word alles op 'n reuseskaal gedoen en met behulp van kredietkaarte en beleggingsplanne word die mens se vertikale en horisontale mobiliteit verhoog. Vir projeksies in die toekoms moet daar dus groots gedink word.

'n Vraelys kan, onder andere, lig werp op die volgende vrae:-

1) Die gebruikers en potensiële gebruikers se persoonlike- en gesinseienskappe soos opvoedingspeil, beroep, geslag, behuisingstoestand, huwelikstatus, vryetydspatrone ens.

2) Die gebruikers en potensiële gebruikers se deelname-tempo's en die genoegdoeningsvlak wat deur verskeie ontspanningsfasiliteite geskep word.

3) Die gebruikers en potensiële gebruikers se waardesisteme en voorkeure.

Die hoofdoel is derhalwe dat ontspanningshulpbronne vir die mens ontwikkel moet word en die mens dus ontleed en in ag geneem moet word, veral met die oog op die toekoms met die toenemende vereensaming van die stedeling.

> *"... it behooves the planner to pay for more attention to his most important partner in the task of preserving and creating the most attractive and livable environment possible in this great,*

88/........

*beautiful, but still mainly undeveloped country of ours."* 3)

5.2.2 WAT?

Die "wat" vraag dui op watter fasiliteite by 'n ontspanningshulpbron ontwikkel moet word. Aangesien ontspannignshulpbronne altyd ontwikkel word met die oog op die lewering van 'n nie-winsgewende gemeenskapsdiens, is middele altyd ontoereikend. Dit kan dus nie bekostig word om 'n fasiliteit te ontwikkel wat nie hoog aangeskrewe is nie en daarom is die "wat" vraag so belangrik.

Met die "vir wie" vraag reeds beantwoord, is dit nie moeilik om die "wat" vraag op te klaar nie en soos reeds kon blyk uit paragraaf 5.2.2, kan die "wat" vraag beantwoording ook ingebou word in die vraelys of onderhoud met die gebruiker of potensiële gebruiker.

Die beplanning ten opsigte van "wat" is 'n moeilike en omvattende taak, veral aangesien daar geen bewese kortpad is nie. Die metode wat tot op hede gewild was, is dat 'n geskikte natuurlike of mensgemaakte bron afgebaken is en dat fasiliteite na goeddunke hier ontwikkel is. Die geskikte bron is gewoonlik 'n dam of 'n natuurreservaat met 'n wildtuin. Met verloop van tyd kon daar deur die betrokke ontspanningsbronbestuur tendense opgemerk word met betrekking tot tekortkominge in die fasiliteite en voorkeure by die gebruikers. Aanpassings kon gemaak word en verdere beplanning en uitbreiding kon aan die hand van hierdie riglyne gemaak word. Hierdie tipe beplanning word deur die skrywers gesien as reaktief:-

---

3) Brooks, I., Policy and the Desision Making Process in Relation to Recreation Resource Planning, In Recreation 69 Symposium Papers, p. 38.

*"Because technological change is so conspicious and because the past has always had less technology, than the present, technology is the reactivists' principal scapegoat for whatever ill they preceive. They prefer art to science; the art of muddling through to the science of management. In dealing with problems they rely on common sense, intuition, and judgement based on long experience. The longer the experience, the better. They believe experience is the best teacher and the best school is the school of hard knocks. For this reason they place high value on seniority, immobility and age and allocate status and responsibility proportionately thereto." 4)*

Die pre-aktiewe beplanningsmetode van 'n ontspanningshulpbron (en ook in die algemeen) word deur die skrywers voorgestaan:-

*"Preactive planning and problem solving is based more on logic, science and experimentation than on common sense, intuition and judgement. Unlike reactivists, preactivists tend to credit science and technology for most of the progress we have enjoyed and to blame current problems and crises on their misure or abuse." 5)*

Uit bogenoemde twee aanhalings volg 'n maklike keuse dat alle pogings tot beplanning op wetenskaplike beginsels gebaseer moet wees. Indien dit op die beplanning van 'n spesifieke oord toegepas word, volg dit duidelik dat,

---

4) Ackoff, R.L., Redesigning the Future, p. 24-25.
5) Ibid., p.25.

om die vraag "wat" te beantwoord, die gebruikers van die oord hul behoefte moet weergee en niemand anders nie. Hiervoor word weereens die vraelys of persoonlike onderhoud onder 'n steekproef van die gebruikersgemeenskap as enigste oplossing aangebied.

5.2.3 HOE?

Die "hoe" vraag het nie werklik betrekking op oordbeplanning as sulks nie en dui eerder op die implementering van die plan. Wanneer die ontspanningshulpbron fisies ontwikkel word moet die Uitvoerders van die plan besluit op watter wyse die taak uitgevoer moet word.

Gewoonlik genoodsaak 'n tekort aan geld dat die projek in fases uitgevoer moet word. Uit die vraelys of persoonlike onderhoude kan gebruikersvoorkeure bepaal word en dit, tesame met praktiese en Administratiewe oorwegings, kan 'n oplossing bied.

5.3.a DIE INTERAKSIE TUSSEN ONTSPANNINGSOORDGEBRUIKERS EN DIE ONTSPANNINGSBRONNE

Die ruimtelike interaksie tussen die tuistes van onspanningsoordgebruikers en die bronne wat hul benut, is die sleutelfaktor in die ontleding van die vraag- en aanbodkwessie by die spesifieke beplanning van 'n ontspanningsoord.

Afsonderlike studies van ōf die ontspanningsbron ōf die behoefte by die gebruikers is van weinig waarde. Die abstrakte ontleding van beide bogenoemde is ook van min waarde. 'n Geïntegreerde studie van die interaksiepatrone tussen bogenoemde pole is noodsaaklik vanweë die

feit dat afstand 'n baie belangrike faktor is by bogenoemde interaksie, (sien paragraaf 5.3.a) blyk duidelik dat die bewegingspatrone by die vraag-aanbod 'n baie belangrike rol kan speel. Die afstande tussen oorsprong en bestemming beïnvloed nie slegs die grootte van die aanvraag nie, maar beïnvloed ook die beskikbare voorsiening van 'n bron.

> *"These patterns of movement, which result from the use of the countryside for recreation, are distinctive and contrast markedly with those of people travelling to obtain goods and services."* 6)

Indien die behoeftes van 'n sekere geografiese bevolking na gewone tipe ontspanningsaktiwiteite neig, word die voorsiening van ontspanningsfasiliteite baie eenvoudig, maar die geval van meer uiteenlopende behoeftepatrone onder die bevolking raak die voorsieningsmoontlikhede moeiliker. Sommige van die redes hiervoor is dat die spesifieke bronne skaarser raak, die drumpelwaarde vir regverdiging hoër is en dat die gepaardgaande afstande nou baie groter is.

Volgens Law is bedieningsradii vir die verskillende tipe ontspanningsoorde vir Engeland en Wallis as volg:- 7)

| TIPE OORD | RADIUS |
|---|---|
| 1) Plaaslike en intermediêr | 8-16 km |
| 2) Substreek | 32-48km |
| 3) Streeks | 80km |
| 4) Nasionaal | onbeperkte afstand |

6) Coppock, J.T. en Duffield, B.S., Recreation in the Countryside, p. 150.

7) Coppock, J.T. en Duffield, B.S., Op. cit., p. 151.

Volgens die skrywers kan bogenoemde afbakening as volg op die Oranje-Vrystaat van toepassing gemaak word:-

| TIPE OORD | VRYSTAATSE EKWIVALENT |
|---|---|
| Plaaslike en intermidiêr | Botaniese tuin naby Bloemfontein, Loch Logan in Bloemfontein en Loch Athlone in Bethlehem. |
| Substreek | Maselspoort naby Bloemfontein en Tierpoortdam naby Bloemfontein. |
| Streek | Allemanskraal<br>Jim Fouché Oord<br>Verwoerddam/oord. |
| Nasionaal | Nasionale Hoogland Park |

Law se syfers is gebaseer op toestande wat geheers het voor die brandstofkrisis (voor 1971) en 'n verandering in die syfers kon ondertussen plaasgevind het. Aan die ander kant egter moet die skaalverskille tussen Suid-Afrika en Brittanje in gedagte gehou word. Bevolkingsdigthede speel ook 'n belangrike rol. Die Engelse syfers kan dus nie direk op die Oranje-Vrystaat toegepas word nie, maar kan tog, met inagneming van bogenoemde feite,as 'n rowwe aanduiding dien.

Die tabel word skematies in Fig. 5.1 voorgestel:-





FIG. 5.1

Alhoewel die mens tans relatief hoogsmobiel is, is ontspanningsaktiwiteite wat nabygeleë beoefen kan word, steeds die gewildste.

Met die daarstelling van 'n sekere ontspanningsbron kan daar dus 'n kunsmatige aanvraag na daardie spesifieke aktiwiteit geskep word, alhoewel dit nie die voorrangkeuse van die deelnemers is nie en beplanners moontlik

nie daarvoor voorsiening gemaak het nie. Dit is dus noodsaaklik dat oordbeplanners alle aspekte van latente- en kunsmatige aanvraag verreken.

Die werklike probleem by die benutting van 'n bestaande ontspanningsbron tree eintlik op die voorgrond waar die besetting van die fasiliteite van die bron ter sprake kom. Dit is geen kuns om 'n volle besetting van, byvoorbeeld, die beskikbare behuising te hê wanneer die "seisoen" geskik is nie. Die kuns lê egter daarin om 'n goeie besettingsyfer ook "buite die seisoen" te verkry.

Dit is vanweë voornoemde doelwit dat die aanbod reg moet wees - die afstandsprobleem is onveranderlik vir elke spesifieke bestaande bron in die ruimtelike verspreidingspatroon, maar speel 'n baie groot rol in die motivering van die voornemende besoeker tot ontspanning. Die aanbod moet derhalwe van so 'n gehalte wees dat die afstandswrywing oorkom kan word.

Volgens Coppock en Duffield, egter, speel die rit na die spesifieke ontspanningsarea 'n groter en meer subtiele rol as wat algemeen vermoed word.

> *"Although participants in active recreation must undertake journeys from their homes to the resources they require in order to enjoy their chosen passtime, the relationships between passive recreationists and the 'journey to play' is much more subtle." 8)*

-----------------------------------

8) Ibid., p. 156.

Hulle beweer verder:-

> *"It is evident that the 'trip out' has a wider appeal than any other activity in the countryside. It is also clear that the role of the recreational journey is a much more essential part of the total recreational experience in passive recreation than it is in active recreation."* 9)

Hierdie "passiewe" ontspanningsverskynsel kan nooit uit die oog verloor word nie - inteendeel, die skrywers is van mening dat, weens hierdie feit, daar wēl 'n moontlikheid bestaan om hiervan gebruik te maak om die voornemende besoekers aan 'n ontspanningsbron verder te motiveer om byvoorbeeld mooi roetes en die mooi landskap te benut as ontspanning, terwyl hulle onderweg is na hul bestemming. Die besoek aan die ontspanningsoord bestaan dus nie net uit die fisiese besoek alleen nie,en die volgende fases kan onderskei word:-

a) Die voornemende besoeker besluit om die spesifieke ontspanningsbron op 'n sekere tydstip in die toekoms te besoek en sien in sy gedagtes uit daarna dat die dag moet aanbreek.

b) Voorbereiding word getref en alles word in gereedheid gebring.

c) Die reis na die bron word in 'n opgeruimde stemming onderneem.

d) Die fisiese besoek aan die bron vind vervolgens plaas, en na die terugreis volg daar

-----------------------------------

9) Ibid., p. 157.

e) die tydperk van evaluasie en herinneringe.

Die begrip "mobiliteit" verwys na die metode waardeur die brongebruiker die afstandwrywing tussen sy tuiste en die bron oorkom. Dit is egter 'n relatiewe begrip. Daar word in die algemeen verwys na die "hoë mobilitiet" van die hedendaagse bevolking. Is daar nie 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking wat nie oor so 'n hoë mobiliteit beskik nie? Wanneer die mobiliteit van 'n meer bevoorregte, passiewe, ontspanningsbrongebruiker onder oë geneem word, blyk dit gou dat daar baie plekke met pragtige natuurskoon is wat beperk is of wat, selfs in die Oranje-Vrystaat, nie met gewone vervoermiddels bereik kan word nie. Die woorde "hoë mobiliteit" moet dus met omsigtigheid gebruik word.

Aan die anderkant is dit sekerlik goed dat daar nog 'n beperking op mobiliteit is:-

> *"Cars do provide a superficial air of mobility, but in practice the mobility of individuals is a good deal less than is often claimed; very large areas of attractive countryside ..... have an in-built protection against car-borne recreationists."* 10)

Hierdie aanhaling beklemtoon die belangrikheid van oordeelkundige terreinkeuse en -plasing ten opsigte van bevolkingskonsentrasiepunte en die vername rol wat deur doeltreffende administrasie en beheer gespeel word ten einde 'n ontspanningsbron nie bokant sy dravermoë te belas nie.

---

10) Ibid., p. 157.

## 5.3.b DIE INTEGRASIE TUSSEN DIE AANVRAAG EN DIE ONTSPANNINGSBRON

Die aanvraag na ontspanningsgeleenthede kan gekoppel word aan die tempo van deelname of besoek. Faktore wat 'n invloed uitoefen is die behoeftes van mense, koste, reistyd en die verskeidenheid en gehalte van die beskikbare geleenthede. Daar is 'n merkwaardige verband tussen reistyd en aantal besoekers en 'n voorbeeld word kortliks weergee:-

Die syfers vir Toronto word interessantheidshalwe hieronder aangehaal:- 11)

BESOEKE PER 1000 VAN DIE BEVOLKING

| | | |
|---|---|---|
| 10 minute-sone | - | 1130 besoeke |
| 20 minute-sone | - | 1066 besoeke |
| 30 minute-sone | - | 1650 besoeke |
| 40 minute-sone | - | 240 besoeke |
| 50 minute-sone | - | 123 besoeke |
| 60 minute-sone | - | 80 besoeke |

Let daarop dat die syfers vir 'n eenheidstyd aangehaal is en derhalwe die relatiewe verband aangee. Teen alle verwagting in is die ontspanningsbronne binne die 30 minute-sone die gewildste. Die doel waarom hierdie syfers deur die skrywers aangehaal word, is om aan te toon dat, by oorbeplanning, hierdie tipe inligting baie handig te pas kom ten einde die ontspanningspatrone binne 'n sisteem te bepaal en die aantal besoeke te beraam. Uit die tabel is dit by voorbeeld duidelik dat, vir Toronto, 'n ontspanningsbron binne 30minute reistyd vanaf die bevolkingskonsentrasie behoort te wees. Die fasiliteite wat deur 'n oord gebied word, moet beplan en ontwerp word

---

11) Higgs, K.G. en Mclean, W.A., The integration of Resources and Demand within a Regional Plan, In Recreation 69 Symposium Papers, p. 32.

om die geraamde aantal besoekers, gebaseer op die bevolkingsdigtheid van die bedieningsgebied, te kan akkommodeer. Verder moet daar genoeg bronne voorsien word sodat elk nie bo sy dravermoë belas word nie. So vind die integrasieproses, op teoretiese vlak, tussen die hulpbron en die aanvraag plaas.

In die praktyk vind integrasie plaas deur 'n voortdurende aanpassingsproses deur middel van beleidstelling en oordbestuur ten einde so 'n balans te vind tussen die verganklike karakter van die hulpbron en die besoekersdruk.

By die beplanning en bestuur van 'n ontspanningsoord verdien die volgende stappe vermelding:-

1) Daardie tipe ontspanningsaktiwiteit wat op die natuurlike landskap aangewese is soos swem, stap, visvang en sneeuspel, behoort voorkeur te geniet.

2) Natuurlike gebiede met die vermoë om groot besoekersdruk te weerstaan, moet geselekteer en op intensiewe wyse bestuur word ten einde hul landskapsgehalte te behou. Bemesting en besproeiing kan die negatiewe effekte van voetgangers teenwerk.

3) Bewaringspraktyke moet op areas met lae dravermoë toegepas word deur byvoorbeeld die aanplanting van weiding en natuurlike struike ter voorkoming van erosie en met die oog op die vestiging van die natuurlike dierelewe.

4) Die landelike karakter moet behoue bly en landbougrond binne die oordgebied kan as sulks be-

houe bly waar die bewerking daarvan kan dien as demonstrasie aan stedelinge. Waar moontlik moet plaasopstalle en gedenkwaardige geboue gerestoureer en vir die nageslag bewaar word.

5) Positiewe stappe moet toegespits wees daarop om die besoekers, ten einde die natuurskoon te waardeer, op te voed.

By beplanning is die integrasie tussen hulpbronne en die aanvraag daarna viervoudig:-

1) Bepaal watter bronne beskikbaar is of bekom kan word - waterbronne is byvoorbeeld baie geskik.

2) Bepaal watter institusionele gereedskap bestaan om die hulpbron te bekom, te ontwikkel en te bestuur.

3) Bepaal die aanvraag op een of ander praktiese wyse.

4) Bepaal op watter wyse die bron bestuur kan word om 'n balans te behou tussen die aanvraag na- en die vermoë van die hulpbron.

Aangesien ontspanningsbronne deur middel van openbare geld bekom, ontwikkel en instandgehou word, is dit noodsaaklik dat die algemene publiek op gelyke basis toegang daartoe moet hê. Die ontspanningsbron moet dus ōf binne die leefruimte van die algemene gebruiker wees ōf die openbare vervoerstelsel moet in hierdie tekortkoming voorsien.

100/.......

Benewens die estetiese wenslikheid van groen, oop ruimtes en ontspanningsbronne naby die stad is daar ook 'n sosiale- en morele verantwoordelikheid in hierdie verband.

## 5.4 DIE GRAVITASIE-MODEL MET BETREKKING TOT DIE VORM EN AARD VAN DIE ONTSPANNINGSRIT

Sedert die dertiger-jare het geograwe die gravitasie-model as 'n geskikte hulpmiddel beskou asmede die ruimtelike interaksie tussen bedieningspunte en bevolkingskonsentrasiepunte te modelleer. Hierdie model is oorspronklik benut om die kleinhandelspatrone te ondersoek en sedertdien word dit by die voorspelling van verkeerspatrone vir "werk-huis-" en "huis-werk-" ritte, migrasiepatrone en ontspanningsritte aangewend. Die tegniek is ontwikkel aangesien daar besef is dat verkeersdigtheid afneem met afstand. Die Gravitasie-wet van Newton bepaal dat die aantrekkingskrag tussen byvoorbeeld twee hemelliggame, soos die son en die aarde, direk eweredig is aan die produk van hul massas en omgekeerd eweredig aan die kwadraat van die afstand daartussen. Die gravitasie-model vir bewegingspatrone is na analogie hiervan ontwikkel.

Coppock en Duffield gee die gravitasie-model vir interaksie in matematiese terme as volg aan:- 12)

$$Iij = k \frac{Pi\ Pj}{d_{ij}^{e}} \quad \text{waar}$$

Iij = die interaksie tussen die punte Pi en Pj,
Pi en Pj = die bevolkingsdigthede van i en j,
$d_{ij}$ = die afstand tussen i en j,

e = 'n eksponent,
k = 'n konstante.

Die sleutel-faktor in bogenoemde vergelyking is die aard van die afstandsveranderlike, hier gedefinieer as e. Hierdie veranderlike is 'n eksponent wat die invloed van die afstand as 'n hindernis of weerstand ten opsigte van die tipe ruimtelike interaksie wat ondersoek word, beskryf.

Ten spyte daarvan dat daar steeds gedebatteer word oor die model, gee die vergelyking tog 'n wetenskaplike grondslag ten opsigte van basiese verhoudings wat van belang kan wees by beplanning.

By ontspanningspatrone kom die formule in woorde op die volgende neer:-

> Menslike interaksie word bewerkstellig deur die indiwidu se begeerte om 'n behoefte aan 'n sekere diens of kommoditeit, wat onbekombaar in een gebied, maar wêl verkrygbaar in 'n ander gebied is, te bevredig. Die resultaat is dat interaksie oor afstand plaasvind.

Aangesien baie vorme van ontspanningsaktiwiteite nie direkte betaling van die deelnemers verg nie, word die koste verbonde aan ritte as ondergeskikte prys tot deelname aanvaar. Sodoende vind die gravitasie-formule werklike toepassing in die volgende formule:- 13)

-----

12) Coppock, J.T. en Duffield, B.S., Op. cit., p. 193.
13) Ibid., p. 194

102/........

$$T_{ij} = k \; O_i \; A_j \; F\,(C_{ij}) \quad \text{waar}$$

$T_{ij}$ = ritte tussen oorsprong, i en ontspanningsgebied, j,

$O_i$ = aantal ritte wat ontwikkel het by die oorsprong, i,

$A_j$ = die aantreklikheid van die ontspanningsgebied, j,

$F(C_{ij})$ = 'n funksie wat die wrywing, wat betrokke is by die oorkoming van die afstand tussen i en j, beskryf, en

k = 'n konstante.

Met die eerste oogopslag lyk dit asof ontspanningsaktiwiteite konformeer aan die aannames en dat daar werklik 'n puntbestemming vir bykans alle formele ontspanningsondernemings bestaan. Die veralgemening kan egter nie gemaak word nie en vervolgens is dit beter om van die stelsel-benadering gebruik te maak.

Die eerste taak is om die komponente van die stelsel te identifiseer. Ellis het drie basiese elemente in sy ontspanningsrit-stelsel onderskei:- 14)

1) Oorsprong/opwekkingsgebied,
2) Bestemmingsgebied en
3) Hoofwegverbinding.

1) <u>DIE OORSPRONG</u>

In effek word hierdie komponent vanaf standaard vervoermodelle, wat vir sekere gebiede bekend is, verkry.

-----------------------------------

14) *Ibid.*, p. 204.

103/.....

Bevolkingsdigthede is hier van primêre belang asook die behoefte aan ontspanning by die bevolking. Verder speel die afstande wat die verskeie bevolkingsgroepe sou verkies om 'n spesifieke ontspanningsaktiwiteit te beoefen, ook 'n rol.

2) DIE BESTEMMING

Die bestemming kan as 'n magneet beskou word wat ritte in direkte verhouding tot sy aantreklikheid aanlok en, deur inagneming van sekere faktore soos waardetoekennings en oorkruis-waarderings, kan daar deur navorsers 'n sinvolle verband tussen bestemming en ander faktore verkry word.

3) HOOFWEGVERBINDING

Tussen 'n gegewe kombinasie, bevolkingssentra en aantrekkingsgebiede word die volume vloei van ontspanningsritte deur die aard van die spesifieke verbinding tussen die twee bepaal. Hierdie verbinding kan op grond van koste en tyd as 'n tipe "wrywing" tussen twee ekstremiteite beskou word. Daar bestaan vandag metodes waarop 'n weerstandsfunksie, gegrond op afstand, tyd en, byvoorbeeld die natuurskoon se aantrekkingskrag vir hierdie doel geformuleer kan word.

Bogenoemde bespreking en vergelyking is slegs aangehaal om met behulp, daarvan aan te toon dat, by die beplanning van 'n ontspanningsisteem of -oord, 'n stelselbenadering ten opsigte van bewegingspatrone wêl uitgevoer kan word.

## 5.5 GEOGRAFIESE- EN EKOLOGIESE FAKTORE VAN BELANG BY DIE VESTIGING VAN OORDE

### 5.5.1 INLEIDING

As inleiding word die woorde van Mnr. Smith uit "Die Volksblad" aangehaal:-

> *"..... binnelandse oorde moet by natuurbates soos warmwaterbronne geleë wees."* 15)

Natuurlike bronne, klimaatstoestande, topografie en geografiese ligging is van die faktore wat by die beplanning van ontspanningsbronne in ag geneem moet word. Hierdie is basies faktore van die fisiese omgewing wat nou verwant is aan ontspanning en vryetydsbesteding in die natuur. Die plante- en dierelewe sowel as die artefakte van die omgewing resorteer hieronder.

### 5.5.2 NATUURLIKE BRONNE EN KLIMAAT

Die ruimtelike verspreiding van water, vrugbare grond, olie, steenkool en ander minerale bepaal tot 'n groot mate die verspreidingsdigtheid en spesifieke vestiging van 'n bevolking, aangesien mense daarvan afhanklik is. Indien die bronne geredelik beskikbaar en verwerkbaar is, kan 'n hoë lewenstandaard gehandhaaf word - hierdie beginsel geld netso vir die besteding van vrye tyd.

Met die wisseling van seisoene is daar 'n ooreenkomstige wisseling in die gedeelte vrye tyd vir ontspanning wat in die natuur benut word:-

---

15) Bloemfontein, Die Volksblad, 30 Oktober 1979, p. 15.

> *"Climate, including weather, particularly temperature, rainfall and seasonal fluctuations, and the effects of these are intimately associated with the quantity and quality of the people's leisure. Changes in climate may immediately produce changes in the amount of spare time and its use." 16)*

### 5.5.3 TOPOGRAFIE EN GEOGRAFIESE LIGGING

'n Gebied se hoogte bo seespieel kondisioneer die bewegings van mense, ligging van stede en die vestiging van sosiale aktiwiteite. Die mens is van nature geneig om eerder in valleie of platorande as in woestynagtige-, plat vlaktes te vestig:-

> *"Natural barriers, land and water outlines, surface contour, altitude, and water supply affect both the economic conditions and the leisure of people." 17)*

Met die beplanning van 'n ontspanningshulpbron is dit van onskatbare waarde om te weet welke omgewing die behoefte daaraan by die gebruikers sal kan bevredig. Daar moet dus vasgestel word van watter aard die omgewing is wat oor die algemeen deur die meeste gebruikers, of potensiele gebruikers, verkies sou word.

Ten opsigte van die ekologie is die ideaal altyd om natuurlike prosesse te laat voortgaan, selfs in die geval van die ontwikkeling van 'n ontspanningsoord.

---

16) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S., Leisure and Recreation, p. 144.

17) Ibid., p. 145.

106/.....

## 5.6 FAKTORE WAT DIE BESOEKERSTALLE AAN OORDE BEÏNVLOED

### 5.6.1 TYD VAN DIE JAAR

Die groot probleem by die bestaande Provinsiale Ontspanningsoorde in die Oranje-Vrystaat is die groot aanvraag gedurende somervakansietydperke en die gebrek daaraan gedurende die maande Mei tot Augustus. Een van die beplanningsbesluite wat geneem moet word is om, met inagneming van beskikbare kapitaal en toekomsprojeksies, 'n balans te vind tussen die mate waarin daar in die piekaanvraag voorsien moet word en die ekonomiese verlies wat gedurende die wintermaande getrotseer moet word.

### 5.6.2 HEERSENDE WEERSOMSTANDIGHEDE

Reën of koue skrik voornemende besoekers af en laat dié wat alreeds by die oord is oppak en vertrek. By die beplanning van 'n ontspanningsoord moet die heersende weersomstandighede in ag geneem word. By 'n oord in 'n gebied met 'n hoë reënval sal daar min woonwastaanplekke voorsien word en die klem sal gelê word op fasiliteite vir binnemuurse ontspanningstipes.

### 5.6.3 LEWENSTANDAARD VAN DIE POTENSIëLE GEBRUIKERS

Die lewenspeil van die bewoners van die bedieningsgebied het 'n invloed op die verwagte besoekerstal. Wanneer daar 'n oord vir byvoorbeeld, Swartes, naby Bloemfontein beplan word, moet verskillende standaarde toegepas word as vir, byvoorbeeld, Blankes.

### 5.6.4 DIE AANTREKKINGSKRAG VAN DIE OORD

Fasiliteite by 'n oord hoef nie noodwendig modern te wees nie, maar die effektiwiteit daarvan is van groot belang. Die sinvolle plasing van fasiliteite en die ontwerp daarvan op so 'n wyse dat dit maklik netjies gehou kan word, sal dien as aansporing tot herhaalde besoeke. Alle oorde word by een of ander unieke hulpbron ontwikkel. Hierdie unieke eienskap moet "uitgebuit" word deur die beplanner om sodoende 'n eie karakter aan die oord te verleen.

## 5.7 SLOTSOM

Die doel van oordbeplanning is om die landskap en aantreklike natuurgebied teen skending te bewaar en om irrasionele fisiese ontwikkeling en verwaarlosing te bekamp. Dit is om hierdie redes dat die fisiese beplanning van Provinsiale Oorde so uiters noodsaaklik is. Uitstekende koördinasie moet gevolglik tussen die verskeie samewerkende Afdelings en Departemente heers, teneinde te verseker dat die natuurlike skoonheid van dié bates vir die volk, met sy toenemende behoeftes aan ontspanning in die buitelug, bewaar word.

Die negatiewe effekte as gevolg van die drukte wat veroorsaak word deur oorbesetting van die oorde gedurende die seisoentye, moet ook in berekening gebring word en daadwerklike stappe moet geneem word om hierdie effekte te neutraliseer.

Daar bestaan,volgens skrywers, slegs een metode om rasionele beplanning van ontspanningsbronne uit te voer

108/......

assynde dië van behoeftebepaling met behulp van vraelyste en deeglike navorsing ten opsigte van interaksiepatrone op grond van die stelselbenadering.

# HOOFSTUK VI

## GEVALLESTUDIE: RIGLYNE TOT DIE BEPLANNING VAN DIE OORD "SOETDORING"

### 6.1 INLEIDING

Die Afdeling Openbare Oorde van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasie beoog die daarstelling van 'n ontspanningsoord aan die bo-oewer van die Krugersdriftdam.

Die betrokke gronde is alreeds Staatseiendom. Die beheer oor die grond is deur die Departement Waterwese aan die Provinsiale Administrasie oorgedra met die spesifieke doel om dit vir ontspanningsdoeleindes te ontwikkel.

Die eiendom bestaan uit die gekonsolideerde plaas, Ernsthoek 1211, Onderverdeling 3 van Lombaardsdrif 832.

Die gedeelte van Gedeelte 2 van Lombaardsdrif wat deur die primêre pad (p21-1) tussen Bloemfontein en Soutpan, vanaf die res van daardie plaas afgesny word, sowel as Gedeelte 3 van Lombaardsdrif, strek vanaf die middel van die Modderrivier in die suide tot aan die sekondêre pas (S103) in die noorde. Die gekonsolideerde plaas Ernsthoek, wat aangrensend tot die twee gedeeltes van Lombaardsdrif geleë is, strek vanaf die middel van die Modderrivier in 'n noordelike rigting vir sowat 1,5km om sodoende deur die sekondêre pad (S103) in twee opgesny te word. 1)

---

1) Onderhoud gevoer met Mnr. F.J. Duminy, Senior Landmeter, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Bloemfontein, September 1979.

Die gebied wat vir die publiek oopgestel gaan word, is slegs op die gedeeltes van die plase wat tussen die Modderrivier aan die suidekant en die sekondêre pad (S103) aan die noordekant geleë is. Dié gebied is sowat 1,5 km lank met 'n gemiddelde breedte van ongeveer 750m tot by die sekondêre pad en beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 112 ha.

Die beoogde oord is ongeveer 36km vanaf Bloemfontein en 140 km vanaf die Vrystaatse Goudveld geleë. Alhoewel daar bespiegel word dat die bevolking van die Goudveld teen die jaar 2000 moontlik dié van Bloemfontein kan ewenaar of selfs oorskry, wil die die skrywers, op gronde van die resultate uit die vraelys verkry,aanvoer dat die Oord Soetdoring slegs ontwikkel moet word met Bloemfontein as hoofbedieningsgebied. Uit hoofde hiervan is daar besluit om die meeste vraelyste in die Bloemfonteingebied te versprei. Die voorneme is om Soetdoring te ontwikkel vir slegs Blanke gebruikers en daarom is die spesifieke vraelys net onder Blankes versprei.

'n Aparte vraelys is egter ook onder Swartes en Kleurlinge versprei met die doel om 'n algemene idee van hul behoeftes te bekom. Die resultate hiervan word onder Hoofstuk 7 bespreek.

## 6.2 KLASSIFIKASIE VAN OORDE

'n Klassifikasiestelsel wat op ontspanningshulpbronne van toepassing gemaak kan word, is die volgende:- 2)

---

2) Transvaal (Provinsie), Pretoria, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Departement van Plaaslike Bestuur, Onderafdeling Streeksbeplanning, Departementele Verslag, p. 7.

a) Hoogontwikkelde ontspanningsoorde

Hierdie oorde word gekenmerk deur 'n hoë graad van ontwikkeling, uitgebreide infrastruktuur en 'n groot verskeidenheid ontspanningsgeriewe. Dié oorde bied geleentheid vir sosiale verkeer en kan gewoonlik groot konsentrasies besoekers bedien. Dienste en geriewe wat by hierdie oorde voorsien word, kan ablusiegeriewe, wasgeriewe, opwasgeriewe, strykgeriewe, elektrisiteitstoevoeraansluitings, inkoopgeriewe, restaurante en 'n verskeidenheid sport- en ontspanningsgeriewe insluit.

b) Semi-ontwikkelde ontspanningsoorde

Dit is minder ontwikkelde oorde met 'n rustige landelike atmosfeer. Sekere dienste en geriewe soos ablusie- en opwasgeriewe, warm en koue water, elektrisiteit of gasbeligting, 'n swembad, kinderspeelterrein en soms 'n kiosk/winkel en tennisbane word nog steeds voorsien.

c) Onderontwikkelde ontspanningsoorde

By hierdie oorde word slegs die minste geriewe moontlik voorsien en hulle word gekenmerk deur 'n lae digtheid ontwikkeling van beperkte omvang. Hier word gepoog om die natuurlike omgewing binne die grense van die oord te behou. Stortbaddens, toilette, handwasbakke, opwasgeriewe, waterkrane en paraffien of gasbeligting kan by hierdie Oordtipes voorsien word.

112/.......

Die skrywers is van mening dat, gesien in die lig van die geprojekteerde Blanke bevolking van Bloemfontein van 150 000 vir die jaar 2000 3) , die oord Soetdoring as 'n hoogontwikkelde ontspanningsoord bestaansreg moet hê.

## 6.3 DIE VRAELYS EN REKENAARPROGRAM

'n Voorbeeld van die vraelys, wat deur die skrywers gebruik is, word in bylaag A aangetoon.

Nadat 'n konsep-vraelys opgestel is, is proefondervindelike aanpassings daaraan aangebring. 'n Getal van 450 vraelyste is vervolgens in die belangrikste sentra van die Oranje-Vrystaat, maar hoofsaaklik in Bloemfontein, versprei. Die terugvoer-persentasie, tot op 'n sekere sper-datum, was 43,1%, dit is 194 respondente, en hierdeur is 553 persone betrek.

Met die antwoorde gekodeer op 'n letterwaarde-stelsel, is 'n rekenaarprogram deur die skrywers self ontwikkel ten einde die resultate in 'n verwerkte vorm te bekom.

Die skrywers beskou die totale respondensie as sinvol-beduidend aangesien daar deurentyd met die progressiewe kodering van die voltooide vraelyste, 'n skynbare stabiele tendens te bespeur was. Vir die doel van 'n akademiese studie van hierdie aard, beskou die skrywers die groote van die steekproef in verhouding tot die betrokke universum, as voldoende. By die beplanning van 'n ontspanningsoord op Owerheidsvlak, egter, is dit nodig om 'n meer omvattende opname te doen.

---

3) Suid-Afrika (Republiek), Departement van Beplanning en die Omgewing, Groter Bloemfontein Gidsplan, tabel 2, p.4.

Met die programmering van die betrokke resultate is daar slegs gepoog om die basiese inligting te verwerk. Inderwaarheid is dit noodsaaklik om in die praktyk, met meer beskikbare tyd en middele, 'n waardering te maak van die benodigde kruisverbindings uit die vele moontlikhede, en dit in te bou in die program.

Die vraelyste is hoofsaaklik deur die skrywers en goedingeligte helpers op 'n ewekansige wyse versprei. Ten einde die potensiële respondente 'n billike tyd toe te laat om die vraelyste te voltooi, is die vraelyste, na kort tydperke van hoogstens 'n week, weer afgehaal en verwerk. Sekere ondernemings is ook betrek om daardeur 'n goed verspreide proefneming te probeer verseker.

'n Afskrif van die program word as bylaag B aangeheg terwyl die verwerkte resultate onder afdeling 6.3 ingesluit is.

## ONTSPANNINGSBEHOEFTES VAN DIE BLOEMFONTEINERS
*******************************************
*******************************************

AANTAL VRAELYSTE UITGEDEEL 450

AANTAL RESPONDENTE 194. DIT IS43.1 %

AANTAL BETROKKENES 553

### VRAELYSVERSPREIDING
*******************

| BLOEMFONTEIN | KIMBERLEY | KROONSTAD | GOUDVELD | VRYSTAATSE PLATTELAND |
|---|---|---|---|---|
| 119 | 8 | 20 | 16 | 31 |

VAN DIE RESPONDENTE WAS 95 MANLIK EN 99 VROULIK

VAN DIE RESPONDENTE WAS 8.2 % ONDER TWINTIG JAAR 74.7%TUSSEN 20 EN 40 JAAR EN 17.0 %OUER AS 40 JAAR

### BEROEPSGROEPERING
*****************

| ALGEMENE WERKERS | KLERIKALE WERKERS | TEGNICI | PROFESSIONELE MENSE ENS. |
|---|---|---|---|
| 50.5 % | 17.0 % | 7.2 % | 25.3 % |

### INKOMSTE GROEPERING
*******************

| | |
|---|---|
| 0-R5000 | 36.1 % |
| R5000-R7500 | 34.5 % |
| R7500-R10000 | 13.4 % |
| R10000-R12500 | 9.8 % |
| R12500-R15000 | 3.1 % |
| MEER AS R15000 | 3.1 % |

MOTOREIENAARSKAP: 78.4 % BESIT N MOTOR EN 21.6 % NIE

HUWELIKSTATUS: 66.5 % GETROUD EN 33.5 % NIE

93.3 % VAN DIE RESPONDENTE BESOEK WEL BUITELUG ONTSPANNIGSOORDE

OORDGEWILDHEID (SYFERS IS RELATIEWE AANDUIDING)
*****************************************************

| BOTANIESE TUIN | MASELSPOORT | VERWOERDDAM | ALLEMANSKRAAL | ROB FERREIRA | FLORISBAD |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.8 | 40.5 | .0 | 10.7 | 5.1 | 40.9 |

BESTAANDE BESOEKERSPATKONE
*****************************

GEREELDHEID : OIKWELS 37.6 % SELDE 40.7 % BYKANS NOOIT 21.1 %

DUUR VAN BESOEKE 1DAG 40.7 % 2DAE 7.7 % 3DAE 9.3 % LANGER AS 3DAE 42.3 %

REDE VIR VOORKEURE: GERIEFLIK AFSTAND 50.0 % BILLIKE TARIEWE 1.5 % VOORTREFLIKHEID VAN BRON 48.5 %

LEEFRUIMTE: TOT 50 KM. 64.4 % 50-100 KM. 12.4 % 100-200KM. 22.7 %

BRANDSTOF PRYS BEINVLOED 77.3 % VAN DIE MENSE EN 21.1 % NIE

INDIEN N OORD BINNE LEEFRUIMTE GELEE IS:

SAL(A) 21.6 % DIT NOOIT BESOEK NIE 30.9 % 2 MAAL 11.3 % 4 MAAL EN 36.1 % MEER AS 4 MAAL

(B) BESOEKDUUR: VIR NAWEEK 57.7 % EN VIR LANGER 39.2 %

AKKOMMODASIE KEUSE (SYFERS IS RELATIEWE AANDUIDING)
*****************************************************

| EIE WOONWA | HUURBARE WOONWA | LUUKSE VAKANSIEHUIS | RONDAWEL | WOONSTEL | TENT |
|---|---|---|---|---|---|
| 13.8 | 6.3 | .5 | 65.1 | 11.6 | 2.6 |

FASILITEITSVOORKEURE (SYFERS IS RELATIEWE AANDUIDING)
****************************************************

| KAFEE | RESTOURANT | DANSSAAL | HOTEL | BOTTELSTOOR | WINKEL | CRECHE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 21. | 23. | 13. | 14. | 9. | 15. | 6. |

AKTIWITEITSVOORKEURE (SYFERS IS RELATIEWE AANDUIDING)
****************************************************

| | VOLWASSENES | KINDERS ONDER 10 | KINDERS BO 10 |
|---|---|---|---|
| SWEM | 19. | 23. | 23. |
| SWEM IN VERHITTE WATER | 8. | 14. | 9. |
| TENNIS | 13. | 5. | 7. |
| BALSPELETJIES | 4. | 12. | 8. |
| SNOEKER | 4. | 1. | 3. |
| GHOLF | 4. | 0. | 2. |
| WANDELING IN NATUUR | 15. | 11. | 10. |
| HENGEL | 7. | 8. | 9. |
| BOOTSPORT | 7. | 4. | 7. |
| SONBAAI | 12. | 9. | 14. |
| DIEREBESIGTIGING | 8. | 13. | 7. |

VEELRASSIGHEID
***************

SLEGS 18 % HET NIE BESWAAR TEEN KLEURLINGE BY DIE OORD NIE

SLEGS 14 % HET NIE BESWAAR TEEN SWARTES BY DIE OORD NIE

OPENBARE VERVOER
****************

## 6.4 BESPREKING VAN VERWERKTE RESULTATE

### 6.4.a VERWYS NA BLADSY 114

1) Die skrywers is tevrede met die verhouding van repondente uit die onderskeie gebiede.

2) Alhoewel die ouderdomsintervalle gemaklikheidshalwe groot gekies is, is dit interessant dat bykans 75% van die respondente tussen 20 en 40 jaar van ouderdom was. Hierdie kan beskou word as 'n goeie ouderdomsgroep om die algemene behoefte te weerspieël!

3) Die beroepsgroepering is effens teleurstellend, aangesien daar slegs 7% tegnici betrokke was. In teenstelling hiermee is die 25% van die professionele groep weer baie hoog. Hierdie verskynsel word toegeskryf aan die gebrek aan fyner indelingwaar die beroepsgroepe soos byvoorbeeld onderwysers as professionele mense geklassifiseer is. Die salarisgroepering bewys hierdie stelling.

4) Die rede vir die relatief lae motoreienskap kan toegeskryf word daaraan dat, wanneer die moeder van 'n gesin die vraelys moes voltooi, sy dikwels beweer het dat _sy_ nie 'n motor besit nie. In die ouderdomsgroep tot 20 jaar, was 'n verteenwoordiging van 8% wat die motoreienaarskap verder beinvloed het.

5) Die syfer van 93% respondente wat wēl ontspanningsoorde besoek, was te wagte en dit weerspieël die omvang van die behoefte.

6) Die relatiewe oordgewildheidsyfers lewer beduidende resultate. Die naaste oorde is die gewildste met betrekking tot Bloemfontein en die Verwoerddamoord, wat afgeleë en onderontwikkeld is, toon op hierdie stadium geen gewildheid vanuit die spesifieke gebiede nie. Die lae syfer teenoor die Botaniese tuin naby Bloemfontein is daaraan toe te skryf dat die meeste respondente die Botaniese tuin nie as 'n oord beskou nie. Dit is inderdaad nie 'n oord nie, maar wēl 'n ontspanningsbate.

7) Die syfers ten opsigte van die gereeldheid van besoeke aan ontspanningsoorde is bevredigend. Die skrywers is van mening dat die komponent van 37% gereelde besoekers dié gaan wees waarvoor voorsiening gemaak moet word.

6.4.b <u>VERWYS NA BLADSY 115</u>

1) Die syfer ten opsigte van die duur van besoeke aan ontspanningsoorde toon 'n interessante tendens:- Die meeste besoeke duur ōf langer as drie dae ōf slegs een dag wat daarop dui dat die te-stigte Oord Soetdoring in staat moet wees om hierdie besoekerspatroon te kan akkommodeer.

2) Die voortreflikheid van 'n ontspanningsbron speel bykans net so 'n groot rol as die afstandswrywing bestrokke. By oordvoorkeure speel tariewe bykans geen rol nie, met ander woorde, indien twee oorde ewe ver vanaf 'n bedieningsgebied geleë is en met alle ander faktore konstant, geniet die oord met die voortreflike fasiliteite- en dienste en hoër tariewe voorkeur bo die oord met swakker fasiliteite- en dienste en laer tariewe.

3) Die blyk duidelik dat 64% van die respondente bereid sou wees om tot 50km vanaf hul tuistes te reis om sodoende 'n ontspanningsoord te besoek.

4) Die brandstofprys speel 'n negatiewe rol op die beoefening van oordontspanning as geheel.

Ten opsigte van punte 3 en 4 is Soetdoring, met Bloemfontein as bedieningsgebied, dus baie gunstig geleë.

Die res van die syfers is beduidend en bruikbaar.

## 6.5. RIGLYNE TOT DIE BEPLANNING VAN DIE OORD SOETDORING

### 6.5.1 BESOEKERSTALLE

Bloemfontein se blanke bevolking is tans 83 000 met 'n geprojekteerde bevolking van 150 000 vir die jaar 2000 4)

$$\text{Aantal lede per gesin} = \frac{553}{194}$$

$$= 2{,}9 \text{ persone}$$

Hierdie syfer is aansienlik laer as die nasionale syfer en dit word toegeskryf aan die feit dat 82% van die respondente onder 40 jaar oud was.

Verwagte besoeke hier van toepassing

| | |
|---|---|
| 2 maal | 31% |
| 4 maal | 11% |
| Meer as 4 maal | 36% |
| | 78% |

---

4) *Ibid.*, p.4.

120/.....

Die brandstofprys beïnvloed 77 % van die respondente en daar kan aangeneem word dat die res van die bedieningsgebied se inwoners oorde wat verder gelee is, sal besoek, veral tydens spitstye.

Daar is ongeveer 8 goeie weersmaande per jaar. Die Junie/ Julie vakansie van 'n maand word, deur die skrywers, ook as geleentheid tot oordbesoek beskou: Die effektiewe tyd is dus 9 maande of 39 weke.

Indien die besoekers dus eweredig versprei word oor die 39 weke, met in begrip van bogenoemde persentasies, is die aantal gelyktydige besoekers dus:-

$$\text{Aantal gelyktydige besoekers} = \frac{150\ 000 \times 78\% \times 64\% \times 77\%}{39}$$

$$= 1480 \text{ persone}$$

ôf die

$$\text{Aantal gelyktydige gesinsbesoeke} = \frac{1480}{2{,}9}$$

$$= 510 \text{ gesinne.}$$

Dit dien nou genoem te word dat bostaande berekeninge slegs vir die ideale geval van eweredige besoekverspreiding oor die 38 weke geld. Die spitsaanvraag gedurende

vakansieseisoene, hoofsaaklik Desember/Januarie, sal egter veelvuldig hoër wees as die pasberekende.

Die skrywers is egter van mening dat, ten einde die natuurlike- en vakansie-atmosfeer te behou, by 'n hoogsontwikkelde oord soos die beoogde Soetdoring, daar voorsiening gemaak moet word vir hoogstens 2000 gelyktydige besoekers.

Dit is $\frac{2000}{2,9}$

= 690 gesinne

## 6.5.2 AKKOMMODASIE

### a) BEREKENING: HOEVEELHEID EENHEDE

By die oord moet die volgende tipe akkommodasie-fasiliteite voorsien word:-

| TIPE | BEREKENING | EENHEDE |
|---|---|---|
| Luukse Vakansiehuise | 0,005x690 | 4 |
| Woonstelle | 0,116x690 | 80 |
| Rondawels | 0,651x690 | 449 |
| Woonwastaanplekke | 0,201x690 | 139 |
| Tentterreine | 0,026x690 | 18 |
| TOTAAL | | 690 |

TABEL 6.1

Die verskillende akkommodasie-tipes behoort saam gegroepeer te word in kompakte gebiede om sodoende oop ruimtes vir ontspanning beskikbaar te kry en om 'n vakansie-atmosfeer onder die besoekers aan te wakker.

Die rondawels word in drie groepe opgedeel, naamlik:-

1) Luukse rondawels,
2) Semi-luukse rondawels en
3) Die gewone tipe.

'n Goeie aanduiding van die verhouding van bogenoemde drie tipes rondawels is om die verhouding van die salaris-groepe te neem as maatstaf.

Uit die verwerkte antwoordlys word die salaris-groepe as volg verdeel met die totale persentasies ook aangegee:-

| | | |
|---|---|---|
| R0,00 | tot R7500 | : 71% |
| R7500 | tot R10000 | : 13% |
| R10000 | tot meer as R15000 | : 16% |

Berekening van Tipes Rondawels

a) Gewone Tipe

Aantal $= \frac{71}{100} \times 449$ -

$=$ 319 eenhede

b) Semi-luukse Tipe

$$\text{Aantal} = \frac{13}{100} \times 449$$

$$= 58 \text{ eenhede}$$

c) Luukse Tipe

$$\text{Aantal} = \frac{16}{100} \times 449$$

$$= 72 \text{ eenhede}$$

Daar bestaan tans geen vaste riglyne tot die verdeling van die rondawels nie, maar die plasing, grootte en standplaas grootte word aangepas volgens die Departementele Verslag wat alreeds aangehaal is.

## b) STANDAARDE MET BETREKKING TOT AKKOMMODASIE EENHEDE

| TIPE EENHEID | STANDAARDE | AANTAL EEN= HEDE | OPPERVLAKTE PER EEN= HEID (Sien nota) | TOTALE OPPERVLAKTE BENODIG (ha) |
|---|---|---|---|---|
| Luukse Vakansie-huise | $100m^2$ Vloeroppervlak-te | 4 | $200,0m^2$ | 0,08 |
| Woonstelgroepe | $50m^2$ vloeroppervlakte | 80 | 4 woonstelle per groep $400m^2$ per groep | 0,80 |
| Rondawels:- Luuks | 12 eenhede per ha van $70m^2$ vloeropper-vlakte 6) | 72 | $835m^2$ | 6,00 |
| Semi-luuks | 14 eenhede per ha van $50m^2$ vloeroppervlakte elk. 6) | 58 | $415m^2$ | 2,40 |
| Gewoon | 16 eenhede per ha van $36m^2$ vloeroppervlakte 6) | 319 | $620m^2$ | 20,0 |
| Woonwa- en Tent standplase | 30 staanplekke per be-skikbare hektaar. 5) | 157 | $318m^2$ | 5,00 |
| | | | TOTAAL | 33,48 |

TABEL 6.2

NOTA:- Onder "oppervlakte per Eenheid" word 'n relatiewe syfer bedoel - die wooneenhede word nader aanmekaar gegroepeer en die res van die oppervlaktes word benut deur grasperke, ens. aan te plant om 'n geleentheid te bied tot gesamentlike ontspanningsaksie deur die bewoners van die eenhede. Dienste soos paaie, sypaadjies ens. word as inbegrepe by bogenoemde syfers beskou.

5) Transvaal(Provinsie), Pretoria, Departement van Plaaslike Bestuur, Departementele Verslag, Op. cit. p. 54.

6) Ibid., p. 58.

6.5.3 HANDELSFASILITEITE

Aangesien die voorgestelde oord Soetdoring 'n hoogontwikkelde oord met 'n hoë besoekerstal gaan wees, word 'n unieke besigheidsentrum deur die skrywers voorgestel. 'n Supermark,kafee, restourant, melkery, drankwinkel, haarsalon, apteek, groentewinkel, droogskoonmaker, slaghuis, antikwiteitswinkel sowel as kantore vir die beheer van die sentrum word as noodsaaklik beskou. Vir 'n besigheidsentrum (uitgesonderd 'n restourant), is 'n verhuurbare vloeroppervlakte van $0{,}2m^2$ bruto per oordbesoeker, aanvaarbaar. 5) Hoewel die oord voorsiening maak vir die akkommodasie van 2000 mense kan die getal hoër wees as gevolg van dagbesoekers. Volgens die antwoordlys was daar 41% van die respondente wat hul voorkeur getoon het ten gunste van 'n een-daaglikse besoek.

Konserwatief bereken is die moontlike daaglikse spitsbesoeke dus:-

$$= \frac{1480}{41\%}$$

$$= 3610 \text{ persone per dag}$$

Die aanbevole vloeroppervlakte van die besigheidsentrum (restourant uitgesonder) is dus:-

$$0{,}2 \times 3610 \ m^2$$

$$= 722m^2 \text{ bruto}$$

---

5) Transvaal, Provinsie, Departementele Verslag, Op. cit., p. 77.

Die aanbevole vloeroppervlakte vir 'n restourant by 'n hoogontwikkelde oord is 0,4 -1,0m$^2$ bruto per oordbesoeker. 6)

Die skrywers aanvaar die laagste syfer op voorwaarde dat geleenthede vir aktiwiteite soos byvoorbeeld dans, ook hier beoefen kan word. Bykomend hiertoe word 'n restourant hoofsaaklik deur oornagbesoekers benut en 'n syfer van 2000 besoekers is hier toepasbaar.

Die Restourant oppervlakte = 0,4 x 2000m$^2$

= 800m$^2$

### 6.5.4 ONTSPANNINGSFASILITEITE

Die verwerkte resultate ten opsigte van aktiwiteitsvoorkeure toon die volgende relatiewe rangorde jeens die verskillende aktiwiteite:-

1. Swembaddens (vir volwassenes en kleuters: een elk.)
2. Wandelpaaie
3. Tennisbane
4. Verhitte onderdak-swembad
5. Geleenthede vir dierebesigtiging
6. Hengel en bootsport
7. Informele en formele speletjies

1. Swembadstandaarde 7)

0,8m$^2$ wateroppervlakte per oordbesoeker vir die

---

6) Ibid., p. 78.

7) Ibid., p. 73.

eerste 500 besoekers.
0,4 $m^2$ vir die eerste addisionele 500 besoekers
0,2 $m^2$ vir elkeen daarna.

Vir 2000 besoekers is die benodigde wateroppervlakte dus = 800 $m^2$, wat gelykstaande is aan 'n gewone swembad van 40m x 15 m en 'n swembad vir kleuters van 20m x 10m.

2. Wandelpaaie, perdry en dierebesigtiging

'N Standaard van 16 persone per kilometer wandelpad word vir plaaslike ontspanningsoorde aanbeveel. 8) Deur die benutting van die aanliggende natuurreservaat wat rondom die Krugersdriftdam geleë is, kan die benodigde 125Km wandelpaaie aangelê word. Hierdie is 'n akkumulatiewe syfer van al die paadjies in die gebied waarvan meer as die helfte by die hengelplekke in die reservaat bestaan. Perdritte kan ook hier beoefen word.

3. Tennis-, ringtennis- en vlugbalbane

Die voorgestelde standaarde vir elk van bogenoemde aktiwiteite is vier bane vir 'n oordbevolking van 2000 plus een baan bykomend vir elke 1000 addisionele besoekers. 9) In hierdie geval word vier bane vir elke aktiwiteit derhalwe aanbeveel.

4. Hengel en bootsport

Benewens die reedsbestaande hengelplekke, kan die rivieroewer sover as moontlik vir hengel oopgestel

---

8) Ibid., p. 68.
9) Ibid., p. 74.

word.

Soetdoring as sulks word nie geskik geag nie vir bootsport as gevolg van die beperkte wydte van die Modderrivier. Die Krugersdriftdam is egter geskik hiervoor en kan as sulks in hierdie behoefte voorsien.

5. Kinderspeelterrein en kleuterspeelpark

Die ouers kan slegs rustig ontspan mits daar voldoende aanloklike en veilige speelgeriewe vir hul kinders voorsien is.

As standaarde word voorgestel dat 'n terrein van 1 ha per 1000 oordbesoekers vir 'n kinderspeelterrein en kleuterspeelpark voorsien word. 10)

Twee hektaar word dus voorsien vir swaaie, skommelperde en gly-en wipplanke. Aangeplante grasperke behoort ook benutbaar te wees as addisionele, informele speelparke.

6. Binnemuurse ontspanning

'n Aparte gemeenskapsentrum waarin kulturele aktiwiteite soos filmvertonings en onthale kan plaasvind sowel as waarin binnemuurse ontspanningsoorte soos tafeltennis, pluimbal, snoeker en veerpyltjies beoefen kan word, word voorgestel.

Die algemene standaard wat hier toegepas kan word is:-

1 $m^2$ bruto vloeroppervlakte per oordbesoeker vir die eerste 1000.
0,5$m^2$ vir die eerste addisionele 3000 besoekers daarna en

---

10) Ibid., p. 75.

$0{,}2m^2$ vir elke besoeker meer as 4000.11)

Vir 2000 besoekers word 'n gemeenskapsentrum van $1500m^2$ derhalwe benodig.

6.5.5 ALGEMEEN

'n Administratiewe blok van $300m^2$ vloeroppervlakte moet op 'n geskikte sentrale punt opgerig word. Alle akkommodasie-tipes moet hulle eie geriewe hê, behalwe die woonwa- en tentterreine waar gemeenskaplike geriewe volgens Munisipale Regulasies voorsien word.

6.5.6 SLOTSOM

Die aantreklikheid van die oord as geheel hang tot 'n groot mate af van die rangskikking en uitleg van die verskillende fasiliteite, met betrekking tot die omgewing. Die uiterlike voorkoms van geboue en strukture moet met mekaar harmoniseer en met die omgewing saamsmelt.

Die indiwiduele wooneenhede en staanplekke moet sover moontlik van mekaar deur bome en struike afgeskerm word. 'n Skeiding behoort tussen die voetganger en motorverkeer gehandhaaf te word deur wandelgange of iets dergliks.

'n Soneringsplan vir die ontwikkeling van Soetdoring word as bylaag D aangeheg. Dit sal wenslink wees om, as gevolg van beperkte finansiële hulpbronne en die groeiende aanvraag, die oord in drie gelyk-verdeelde fases tot die jaar 2000, te ontwikkel.

---

11) Ibid., p. 76.

# HOOFSTUK VII

## BEHOEFTEBEPALING ONDER SWART- EN KLEURLING-INWONERS VAN DIE BLOEMFONTEIN-OMGEWING

### 7.1 INLEIDING

Met die huidige ontwikkelinge op die politieke front, het die skrywers dit gerade geag om 'n opname te poog onder Kleurlinge en Swartes met die hoofdoelstelling om die behoefte aan 'n ontspanningsbron onder die onderskeie groepe te probeer peil.

'n Vraelys is so eenvoudig moontlik opgestel met die oog op veral die ongeletterde Swartman en na toetsing is 'n redelik effektiewe vraelys (soos dit op daardie tydstip geblyk het) opgestel. Dieselfde vraelys waarvan 'n afskrif in Bylaag E getoon word, is ook onder Kleurlinge van die Bloemfontein omgewing versprei.

### 7.2 RESULTATE VERKRY UIT DIE BEHOEFTEBEPALING ONDER SWARTES

Teneinde die vraelyste onder die Swartes te versprei, is 'n Tswana, wat volgens alle standaarde redelik begaafd en geletterd is en oor 'n goeie vermoë beskik om met andere te kommunikeer, opgelei vir die taak. 'n Vertaling is met 100 vraelyste aan hom voorsien en nadat 63 terug ontvang is, was dit onmiddelik duidelik dat daar nie sukses op hierdie gebied behaal is nie. Vanuit die 18 redelik sinvol-beantwoorde vraelyste kon geen afleidings in verband met hul behoeftes gemaak word nie.

Dit is moeilik om die begrip "ontspanningsoord" by die Swartes tuis te bring - sommige sien dit as 'n plek waar daar feesgevier en gedrink word. Die antwoord ten opsigte van die behoefte aan 'n ontspanningsoord is onvertroubaar indien 'n respondent nie 'n duidelike begrip

131/......

het van waaroor dit werklik gaan nie.

Uit die antwoorde het geblyk dat lees en koorsang, (as passiewe sportsoorte), en sokker en boks, as aktiewe ontspanning, oor die algemeen beoefen word. Hierdie tendense kan moontlik verklaar word aan die hand van die betrokkenes se immobiliteit.

In die Swartwoonbuurtes is daar 'n lae motoreienaarskap, dus moet ontspanningsaktiwiteite daarby aangepas word.

Die Swartman is moontlik nog nie ryp om goeie ondersteuning aan 'n ontspanningsoord te verleen nie. Dit is egter nie onmoontlik dat die Swartes, met daadwerklike pogings tot opvoeding deur die Owerhede in hierdie verband, met verhoogde mobiliteit en met ontspanningsbronne binne bereikbare afstand, in die toekoms wêl 'n behoefte daaraan kan ontwikkel nie.

Die kultuurverskille tussen die Blankes en Swartes speel 'n leidende rol in die probleem van die voorsiening van ontspanningshulpbronne aan Swartes. Die Swartes is gedurende die afgelope eeu aan 'n hoë tempo van verwestering blootgestel sodat hulle moontlik self nog nie besef waar hulle hulself op kulturele vlak bevind nie:-

> *"Selfs volke en stamme, wat blykbaar nog onaangeroer binne hul primitiewe verbande lewe, kan binne 'n kort tyd, indien die wêreldekonomie dit noodsaak in 'n maalstroom van tegnologiese en ekonomiese revolusie gestort word sonder dat hulle hoegenaamd snap wat met hulle aan die gebeur is.* 1)

---

1.) Durand, J.J.F., <u>Swartman, Stad en Toekoms</u>, p. 1.

Gepaardgaande hiermee is die sosiale behoeftes van die spesifieke groepe en enige studie in hierdie verband sal slegs deur kundiges onderneem kan word indien 'n poging aangewend moet word om ontspanningsbehoeftes onder die Swartes te bepaal.

Durand het onder die Swartes in die Port Elizabethgebied 'n vraelys-studie onderneem en vele probleme is ook daar ondervind:-

> *"Ons het die gesprekatmosfeer probeer aanhelp deur die vraelys eers ná die onderhoud in te vul, maar dan bly daar nog steeds die probleem dat die Bantoe* (sic.) *die neiging toon om op 'n vraag dikwels te antwoord soos wat hy verwag dat jy wil hê hy moet antwoord. Gevolglik is daar van nog 'n derde metode gebruik gemaak waarsonder, mynsinsiens, geen ondersoek van die Bantoe volledig kan wees nie, naamlik groepsgesprekke."* 2)

Dit is dus wêl moontlik om 'n behoefte bepaling onder die Swartes te doen en die skrywers het dan ook op 'n beperkte skaal groepsgesprekke gevoer. Die probleem bly egter nog steeds om, met 'n gebrek aan kennis van die Swartes se taal, deur te dring tot die deursneë-Swarte.

Een feit staan soos 'n paal bo water:-

> Die woongebiede van Swartes en Kleurlinge vertoon 'n patroon van ontoereikende ontwikkeling. Die tekortkominge is aansienlik:-

---

2) Ibid., p. 7.

> Strate sonder behoorlike sypaadjies, min bome vir skadu en versiering, oop ruimtes wat stortgebiede en die vergaderplekke van bendes geword het. 3)

Daar sal in die toekoms gevolglik indringend gekyk moet word na die skepping van 'n beter lewensomgewing met genoegsame ontspanningsmoontlikhede van die regte tipe vir die Swartmense.

## 7.3 BESPREKING VAN RESULTATE SOOS VERKRY UIT 49 VRAELYSTE, VERSPREI ONDER KLEURLINGE IN DIE BLOEMFONTEIN-GEBIED

Van die 100 vraelyste wat tussen Kleurlinge versprei is, is 49 terugontvang. Hier is gebruik gemaak van die hulp van 'n Senior Maatskaplike Werkster by die Departement Kleurlingsake in die Oranje-Vrystaat. Die skrywers is oortuig daarvan dat 'n goeie steekproef op hierdie wyse verkry is, aangesien Kleurlinge vanuit alle interne sosiale vlakke van die dienste van dié Departement gebruik maak.

'n Opsomming van die resultate word in 7.3.1 aangetoon:-

### 7.3.1 RESULTATE VAN VRAELYSTE ONDER KLEURLINGE

